

Wat kan boere van ontwerpers van besproeiingstelsels verwag?

Is daar geld in mielieproduksie?

Die vergete roete se pad na landbouwelvaart

Volhoubare graanproduksie is moontlik met die regte produksiepraktyke

Pretboek



Waak teen dié groentesiektes wat jou oes kan verwoes



Kundige Plantvoeding vir Oordeelkundige Boere



Vervaardigers en verspreiders van voortreflike korrelkunsmis, vloeibare kunsmis en voorskrifmengsels.

- Topgehalte bemestingstowwe afgelewer op jou plaas
- Pasgemaakte, gemengde NPK-kunsmisstowwe
- Grootmaat kommoditeite
- Kunsmisstowwe met beheerde vrystelling
- Wateroplosbare kunsmis
- Vloeibare kunsmis
- Spesialiteitsprodukte – blaarvoeding, biologiese produkte, grondgesondheidsprodukte
- Ontledingsdienste en grondregstellings
- Bykans 20 jaar se ondervinding

Vir meer inligting kontak Rienie Oosthuizen, Tegniese- en Bemerkingsbestuurder, by +27 72 573 2535.



Multi Green
Kunsmis • Fertiliser



Multi Green (Edms) Bpk | Posbus 180 | De Beer Straat, Villiers, 9840 | Tel: +27 58 821 1087

Uitgewer
VKB Landbou

Redakteur
Hannelie Cronjé
Tel.: 058 863 8223

Ontwerp en uitleg
Anna Mulder

Taalversorging
Lize Mulder

Het jy 'n storie of advertensie?

Gesels met Hannelie:

E-pos: hanneliec@vkb.co.za

Tel.: 083 303 6117

Pos: Die Pad Saam, Posbus 100,
Reitz, 9810

Hoofkantoor

VKB

Staatspresident CR Swart-straat

Posbus 100

Reitz, 9810

Telefoon

058 863 8111

Webwerf

www.vkb.co.za

Gedruk deur

Oranje Drukkers, Senekal



Vind ons aanlyn deur die
QR-kode met u slimfoon te
skandeer



Alle regte van *Die Pad Saam*
word voorbehou ingevolge
Artikel 12(7) van
die Wet op Outeursreg. Die
eienaar en uitgewer
aanvaar nie
aanspreeklikheid vir enige
uitlatings deur skrywers of
medewerkers nie.

INHOUD

■ 4 Voorwoord

■ 6 Die vergete
roete se pad na
landbouwelvaart



■ 10 Familieboerderye die
hoeksteen van SA
landbou

■ 13 Die voetspore wat ons
nalaat

■ 16 AgriSA-kongres: Die
horison is groen

■ 18 Wat is 'n boer?

■ 20 Wat doen 'n boer?

■ 22 Die ryk slaaf

■ 24 Volhoubare
graanproduksie is
moontlik met die regte
produksiepraktyke

■ 29 Wat kan boere van
ontwerpers van
besproeiingstelsels
verwag?



■ 32 Is daar geld in
melieproduksie?

■ 34 Verseker jou toekoms:
Watervoogdyskap

■ 37 Hoekom longsiekte in
beeste monitor?

■ 38 Die groot wedloop om
die wêreld se grootste
insekplaas te bou



■ 42 Waak teen dié
groentesiektes wat jou
oes kan verwoes Deel 2

■ 47 Old Mutual go2berg:
Meer as 'n bergfiets-
avontuur

■ 48 Beliemielie 2025

■ 51 Jong talent skitter by
nasionale
kampioenskappe

■ 52 VKB Meganisasie

Pretboek



Geloof, hoop en liefde...



In die VKB Groep se bedieningsgebied is ons tans weer aan die plant en saai, en dit is met 'n mosterdsaad se geloof, 'n berg hoop en tog ook 'n vaste vertrouwe dat ons die saad aan die grond – waarvoor ons so lief is – en die elemente toevertrou. Ons glo, hoop en vertrou dat daar genoeg reën op die regte tyd sal val en genoeg sonskyndae op die regte tyd sal wees om te sorg vir 'n goeie oesjaar.

Net so “plant” en “saai” ons in die opvoeding van ons kinders, deur ons bydrae in ons werksplek, in wat ons insit in ons interpersoonlike verhoudings met ons eggenotes, familie, kollegas, personeel, vriende en ander lede van die gemeenskap, en 'n mens kan net hoop dat dit wat jy insit, weerspieël sal word in die merk wat jy laat.

Want, net soos wat landerye bespuit, natgespuit, gevoed en versorg moet word ten einde 'n goeie oes te lewer moet ons ook ons verhoudings met mense versorg.

Ons kan nie verwag om altyd net te ontvang sonder om ook te gee nie. Ons kan nie verwag om met respek behandel te word as ons nie ander met respek behandel nie. Ons kan nie beloning – op welke wyse ook al – verwag as ons nie enige moeite ingesit het nie.

'n Voormalige bestuurder onder wie ek in die verre verlede gewerk het, het eendag oor sy personeel gesê: “As ek lojaliteit wil hê, sal ek vir my 'n hond koop.” Hierdie uitlating het my so geskok, want na my mening was die lojaliteit van personeel nog altyd een van die heel grootste bates van 'n onderneming.

Lojaliteit lê nie net daarin dat mense in die werkplek “opdaag” nie, maar dat hulle elke dag hul beste lewer omdat hulle gló in die onderneming waarvoor hulle werk. Om deel te wees van 'n lojale span is een van die grootste motiverings om te alle tye jou beste te gee omdat jy nie die res van jou span óf jou werkgewer in die steek wil laat nie.

En loop lojaliteit en liefde nie ook maar hand aan hand nie? Dis tog ons liefde vir die land wat ons motiveer om te boer, om voedsel en vesel te produseer vir die wêreldbevolking. Dis ons liefde vir die landbou wat ons lojaal aan hierdie bedryf hou. Dis ons liefde vir ons familie wat ons lojaal aan hulle hou, wat help dat ons hulle deur moeilike tye dra, dat ons saam met hulle verheug is oor voorspoed en hulle ondersteun in alles wat hulle doen. Dis ons lojaliteit aan vriende wat skinderveldtogte stuit, wat maak dat ons ons vriende deur voorspoed én leed onderskraag. Dis ons liefde vir die dagtaak wat ons verrig wat ons motiveer om dit na die beste van ons vermoë te doen.

Geloof, hoop en liefde is 'n deurlopende boodskap – selfs 'n opdrag – in die Bybel, en dit is ons taak hier op aarde om dit nie leë versies te maak of om dit net in terme van God en sy gebod toe te pas nie. Dis 'n lewende boodskap wat elkeen van ons moet uitleëf in elke aspek van ons lewe.

Met Kersfees en 'n nuwe jaar voor die deur, is my wens dat elkeen van ons se geloof in God en ons geloof in wat ons doen, sal groei; dat ons hoop op 'n goeie oes, op gesondheid, op voorspoed en seën in die nuwe jaar bewaarheid sal word, en dat ons liefde vir die land, die grond en ons geliefdes in oormaat beantwoord sal word. Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 2025. Reis veilig, rus goed, geniet die kuier saam met geliefdes en kom veilig terug.

Kersgroete

Hanneke

HIERDIE IS ONS SEKER TOEKOMS

Saam kan ons 'n bydrae maak tot die
Toekoms van ons Land met 'n
toegewyde Fokus op Landbou.

1 TOEKOMS

2 FOKUS

3 LANDBOU

Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by agriseker.co.za

AgriSeker Onderskrywingsbestuurder (Edms.) Bpk. Reg no. 2014/235270/07 is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer FDV no. 45767. Onderskryf deur Land Bank Insurance (SOC) Ltd. Reg no. 2012/115426/30.

Die vergete roete se pad na landbouwelvaart

deur Philip Theunissen



Toe Jan van Riebeeck namens die Here XVII in 1652 'n nedersetting in die skaduwee van Tafelberg begin het, het hy waarskynlik nie kon droom dat sy beskeie kleifort die hartklop van 'n bruisende ekonomie sou word nie. Die Here XVII het hom uiteraard met ekonomiese motiewe Kaap toe gestuur, maar dit was eers baie jare later wat die slagare vanaf die skiereiland die polsende lewensbloed oor die bergreeks na die binneland sou kon pomp. Dit het met sy aankoms aanvanklik na 'n ondeurdringbare skans gelyk.


Die Kaapse Plooigordel, wat uit die weggevete Afrika-landskap verrys, vorm 'n parallelle bergreeks wat 850 km ver al langs die suidwestelike kuslyn van Suid-Afrika afloop. Hoewel die berge nie baie hoog is nie, is hulle majestueus en dramaties, danksy verskeie geologiese faktore.

Die reeks het gewoonlik min of geen voetheuwels nie en styg direk vanuit die valleie omhoog. Die aanvanklike verkenning van die binneland is baie gestrem deur hierdie ongunstige geografiese en topografiese toestande, totdat die huidige mensgemaakte oorgange met verloop van tyd gebou is.

Tot ongeveer 1800 is die vroeë setlaars se bewegings dus deur die Kaapse geografie tot die vrugbare kusstreke beperk. Tog was menige avonturier nuuskierig oor wat aan die anderkant van dié ondeurdringbare bergskans gelê het, maar ongeag watter roete hulle ook al gevolg het, moes hulle iewers 'n onbegaanbare berg probeer uitklim. Die enigste ander uitweg was die sanderige roete al teen die see langs die Weskus op.

Die eerste tog op die noordoostelike roete is in 1657 deur 'n afvaardiging van die fort onder leiding van Abraham Gabbema tot by die Bergriviervallei onderneem. 'n Jaar ná hierdie ekspedisie is die Nuwekloof, tussen die huidige Gouda en Tulbagh, deur Pieter Potter ontdek, wat 'n jaar vantevore 'n lid van Gabbema se ekspedisie was.

Jan van Riebeeck rapporteer opgewonde in sy joernaal: "De mannen keerden terug van deze expeditie in het binnenland, nadat ze een pas hadden gevonden op de bergketen van Afrika, waartegen de rivier de Berg ligt en door een kloof waarvan hij ver landinwaarts stroomt."



'n Gedeelte van die oorspronklike roete na die Oranjerivier en Kuruman.

HANDELSROETE

Vreemd genoeg is die pas wat Potter na die binneland ontdek het vir 'n verdere honderd jaar oor die hoof gesien. Die rede is waarskynlik omdat dit in wese 'n voetpad al langs die rivierbedding was, maar vanaf die laat 1700's is pioniers, jagters, voortvlugtiges, handelaars, ontdekkers soos William Burchell, ivoorjagters en sendelinge, wat in klein getalle gereis het, deur 'n stroom nomadiese boere gevolg. Tussen die middel 1700's en die middel 1800's het 'n toenemende aantal mense noord gereis, vanaf die Kaapkolonie na die nuwe grens langs die Oranjerivier. Gedurende die vroeë deel van hierdie tydperk het die verkenningstreke voortgegaan totdat die algemene topografie en aard van die hele land en sy omgewing redelik bekend en gedokumenteer was. Soos wat die HOIK sy eie boere as vryburgers in die Kaap gevestig het, het dit 'n beleid aangeneem wat kontak tussen hierdie burgers en die kolonie se Afrika-bure verbied het.

Dié beleid is ook deur die Britse regering volgehou wat die Kaap in die vroeë 19de eeu geokkupeer het.

In 1817 het Lord Charles Somerset hierdie beperkings verslap en beperkte handel oor die kolonie se grense heen toegelaat. In Desember 1830 is 'n ordonansie aangeneem wat dit wettig vir gelisensieerde koloniale handelaars gemaak het om oor die kolonie se grense heen handel te mag dryf.

Europese sendelinge, wat vanaf 1799 in die Kaap gearriveer het en wat hulself diep in die binneland, ver buite die bereik van die regering se wette gestasioneer het, kon gemaklik op 'n daaglikse basis ruilhandel met die plaaslike bevolking doen. Hulle is hoofsaaklik deur Europese Christelike organisasies gestuur met die doel om die Christendom te versprei en Afrikane tot die geloof te bekeer. Die toestande waaronder hulle moes werk en die omgewings waarbinne hulle hulself bevind het, het hulle geen keuse gelaat om terselfdertyd ook handelaars van Europese goedere te moes word nie.

Dit was eers teen 1810 wat ossewaens hulle weg deur die Nuwekloof gebaan het en nog later is die spoorlyn na Beaufort-Wes ook deur die kloof gelê. Die ossewa was 'n vernuftige voertuig – robuust, maar ook buigsaam... en baie kleiner en ligter as die groot, dreunende vragmotors wat vandag op die N1 voortsnel. Dit is deur 10 of 12 osse getrek en kon ongelooflik taai terreine betree. Die pas van die ossewaans was ongeveer ses kilometer per uur, met 'n uitspanning elke vier ure. Op 'n goeie dag kon 'n gelaai ossewa 60 kilometer aflê.

Die roete wat die Kaap met die noordelike binnelandse streek verbind het, strek oor ongeveer 1 000 km vanaf Tulbagh in die suide tot by Kuruman in die noorde, met talle syroetes. Die laaste stop langs hierdie moeilike woestynroete was eerwaarde Robert Moffat se huisie en kerkie, noord van die huidige Kuruman. Dit was die laaste plek waar reisigers hul voorrade kon aanvul voordat hulle na wat vandag Botswana, Zimbabwe, Zambië en Malawi is, vertrek het.

Die roete, wat op sy beste uit talle rye spore bestaan het, was uiters rof en waens wat met vrag, osse en al teen klowe afgestort het, het algemeen voorgekom. Mettertyd is tolhuise in passe opgerig waar tolgeld gehef is om die koste te dek om die passe begaanbaar te hou. Die tegnologie van die ossewa het die volgende fase in die ontwikkeling van vervoerinfrastruktuur in Suid-Afrika van 1806 tot 1895 geleidelik oopgestel om van die binneland die permanente tuiste van 'n groot en vinnig groeiende setlaarbevolking te maak. Die uitbreiding van die sendingstasies is gevolg deur die Groot Trek, waardeur die hele land deur setlaars bevolk geraak het, en noodwendig 'n stelsel van roetes tot stand laat kom het. Die ontdekking van diamante by Hopetown in 1867 en goud aan die Witwatersrand gedurende 1880, het aanleiding daartoe gegee dat die transportryers se peilings meer oos in die rigting van die groter ekonomiese aktiwiteite geskuif het, sodat die myne met die belangrikste hawens verbind kon word. Die nuwe roetes is daarna ook deur koetsdienste gebruik.

Die ontginning van hierdie gebiede het die hoofstroom van internasionale ekonomiese ontwikkeling en beleggings op die voorpunt van Britse imperialisme geplaas. Immigrante het uit die Kaap en Natal en van Europa, Noord-Amerika en Australië, asook van Basoetoland, Sekukuniland, die Transkei en verder as Limpopo na die goud- en diamantvelde laat stroom. Die onmiddellike effek van hierdie ontwikkelings was 'n ongekende oopstelling van groot markte vir goedere, dienste en arbeid.

Teen 1875 was daar 500, en teen 1893, 2 750 myl se gemaakte paaie en 34 brûe in die land. Dit het terselfdertyd ook saamgeval met 'n nuwe vorm van vervoer, naamlik die stoomlokomotief, en die tydperk tussen 1895 en 1920 is deur die grootskaalse bou van spoorweë gekenmerk. Ongelukkig het dieselfde ontwikkeling ook tot gevolg gehad dat die transportryer, poskoets en ossewa van hul nut ontnem is en het dit dus baie vinnig in onbruik verval. Verder het die koms van die binnebrandmasjien, wat tot motorvoertuie gelei het, die bou van 'n rudimentêre padnetwerk in alle erns gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu laat plaasvind en die grondslag van die huidige landwyse Suid-Afrikaanse padnetwerk gelê.

Dit was dus onvermydelik dat die oorspronklike roete na die binneland vanaf Tulbagh deur Ceres oor Sutherland tot by Kuruman ook in vergetelheid sou vergaan, maar helaas nie tot nadeel van voedselproduksie nie.

Toe Jan van Riebeeck 'n handelstasie in die Kaap begin het, het suidelike Afrika onvermydelik tot die moderne wêreld-ekonomie toegetree. Die streek se mate van deelname is drasties versnel toe diamante in die Noord-Kaap en later goud in die huidige Johannesburg ontdek is. Daardeur is daar oornag 'n omvangryke mark vir arbeid en landbouprodukte geskep.

Voedselproduksie was nie aanvanklik die prioriteit van boere in die binneland nie. Vanaf 1859 tot 1870 is landbou in die Vrystaat gekenmerk deur 'n vestigingsfase. Boere het toe vanaf die Kaapkolonie na die binneland getrek en hulle onder meer in die Vrystaat kom vestig. Voedselproduksie was toe tot 'n groot mate tot eie gebruik beperk met dalk 'n klein surplus wat in nabygeleë dorpe verkoop is. Wol en bokhaar was die kommersiële produkte waarmee geboer is en dit is hoofsaaklik via Durban na Europa uitgevoer.

Die vraag wat op die diamantvelde vir voedsel geskep is, het baie tot verbetering van die ekonomiese welvaart van boere in die Vrystaat bygedra. Die algemene welvaart as gevolg van die diamantnywerheid het tot 'n skielike oplewing in die handel – uiteraard ook in landbouprodukte – gelei. Kimberley het 'n belangrike mark vir lewende hawe, groente en hout vanuit die Vrystaat geword.

Die verdere ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1884 het baie vinnig 'n massiewe handelsentrum laat ontstaan wat die grondslag vir die ekonomiese welvaart van Suid-Afrika gelê het. Teen 1895, slegs 11 jaar ná die ontdekking van die hoofrif, was die Witwatersrand die grootste goudprodusent ter wêreld. Transvaal, wat voorheen die armste was, het skielik die rykste staat in Suid-Afrika geword.

Die groeiende bevolking aan die Rand en ook in die hawedorpe het 'n groot mark vir landbouprodukte geskep. Dié aansporing het nie alleen groter produksie tot gevolg gehad nie, maar ook 'n verbetering van kuddes en 'n vernuwing in boerderymetodes. Daarmee saam het die ontwikkeling van die vervoerstelsel die verspreiding van landbouprodukte vergemaklik. Dit het daartoe aanleiding gegee dat landbou floreer het en boere welvaart kon genereer.

In 1899, op die vooraand van die ABO, is landbou ten volle gekommersialiseer en was die Vrystaat op pad om een van die welvarendste en geldelik mees gesonde landbouproduserende streke in Suid-Afrika te word.

BRONNE:

- Beck, RB. Bibles and Beads: Missionaries as Traders in Southern Africa in the Early Nineteenth Century. *The Journal of African History*. Vol. 30, No. 2 (1989).
Kaapse plooigordel. Wikipedia.
Kallaway, P. Tribesman, Trader, Peasant and Proletarian. 1978.
Karoo Ontwikkelingstigting.
Mitchell, M. A brief history of transport infrastructure in South Africa up to the end of the 20th century. *Civil Engineering*. January/February 2014.
Mossop, EE. Old Cape Highways. 1940.

ONS IS SLIM SONNEBLOMME



Ons sonneblombasters is ontwerp met sterk agnomiese eienskappe, hoë opbrengspotensiaal en indrukwekkende saadoliekonsentrasie, wat hulle bewese presteerders maak. Hierdie sonneblomme weet beslis hoe om uit te blink!



PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™



Besoek ons webtuiste



Familieboerderye die hoeksteen van SA landbou

Kommuniek-span

Familieboerderye is 'n kernkomponent van Suid-Afrika se landboubedryf en lewer 'n beduidende bydrae tot ons ekonomie. As hoeksteen van die bedryf speel familieboerderye ook 'n onmiskenbare rol in die bestuur van natuurlike hulpbronne, die beskerming van die omgewing en die lewensgehalte van die gemeenskappe waarin hulle setel.

Die Verenigde Nasies het die dekade van 2019 tot 2028 aan familieboerderye gewy. Dit wys dié organisasie erken die belangrike rol van hierdie soort boerderye in globale voedselsekerheid en die bevordering van volhoubare ontwikkeling. Met die oordrag van familieboerderye van die een geslag na die volgende bied hierdie soort onderneming onder meer 'n stewige grondslag vir volhoubare ekonomiese groei in plattelandse gemeenskappe.

Tog skep uitdagings soos onsekerheid in die globale mark, plaasmoorde, klimaatsverandering en die voortdurende bedreiging van grondherverdeling deur die staat 'n onstabiele omgewing. Baie jongmense verkies dus om die plaaslewe vir 'n stedelike loopbaan te verruil.

Krag en kwesbaarheid

Dr. Theo de Jager, 'n voormalige president van die Wêreldlandbou-organisasie, het aan farmingportal.co.za gesê familieboerderye is die grootste enkele werkskepper ter wêreld. Dit vorm boonop dikwels die kulturele en ekonomiese spilpunt van plattelandse gemeenskappe.

Die omvang en diversiteit van familieboerderye in Suid-Afrika word beklemtoon daardeur dat tot 90% van hulle 'n omset van minder as R5 miljoen per jaar het. Dit wys dat die gemiddelde familieplaas dikwels 'n kleiner besigheid is as wat mense dink.

Tog is kleiner, meer diverse boerderye dikwels meer veerkragtig teen ongunstige marktoestande. Dr. Andries Radley van Radley Business Solutions het aan *Kommuniek* gesê tans is meer as 80% van Suid-Afrika se landbouprodusente familieboerderye, en hulle is verantwoordelik vir meer as 50% van die land se landbouopbrengste. Radley, 'n konsultant vir boerderybedrywighede asook landbou- en ander besighede, se groot fokus lê by die volhoubaarheid en operasionele effektiwiteit van boerderye in familiebesit.

Verskillende ondernemingsvorme en oordragmodelle

Die boek *Familieboerderye in Suid-Afrika* deur Elmarie Venter, Theo Vorster en George Robertson (2022) definieer 'n familieboerdery as een waarin 'n enkele familie die beherende aandeel het, waar twee of meer familieledere regstreeks by die bedryf betrokke is en waar die ouers van voorneme is om die boerdery aan hul kinders oor te dra. Tog is die tradisionele model van 'n manlike eienaar met 'n oudste seun as sy aangewese opvolger lankal iets van die verlede. Daar is byvoorbeeld heelparty vroueboere wat hul merk maak, en deesdae ook 'n wye verskeidenheid ondernemingsvorme en eienaarskapmodelle wat oorweeg kan word.

In Suid-Afrika is daar hoofsaaklik vier ondernemingsvorme wat in familieboerderye gebruik word, naamlik die eenmansaak, vennootskap, private maatskappy en trust. Elkeen hiervan bied sy eie voordele en uitdagings.

'n Eenmansaak, byvoorbeeld, bied die eenvoud van individuele besigheidsbestuur, maar alle risiko word deur die eienaar self gedra. 'n Vennootskap, weer, is 'n model waar twee of meer individue hul kundighede en hulpbronne kan saamvoeg, maar dit vereis 'n duidelike ooreenkoms om verhoudings en verdeling van wins en verlies te reguleer. 'n Private maatskappy bied 'n mate van beperkte aanspreeklikheid vir eienaars, maar gaan gepaard met hoër bestuurskoste. Laastens bied 'n trust 'n buigsame struktuur vir die oordrag en bestuur van bates vir toekomstige geslagte, maar vereis noukeurige beplanning.

Sleutelfaktore vir sukses

Verskeie faktore dra by tot die suksesvolle voortbestaan van familieboerderye. Dit sluit in die stel van familiedoelwitte, gesinstruktuur, strategiese beplanning en effektiewe kommunikasie.

Die bevordering van 'n oop en eerlike kommunikasiekanaal binne die familieboerdery is van kritieke belang vir die hantering van komplekse uitdagings en die voorkoming van konflik. Deur gereeld te kommunikeer en die betrokkenheid van alle lede te verseker kan familieboerderye 'n omgewing van samewerking en begrip skep wat noodsaaklik is vir groei en sukses.

Die opstel van 'n familiegrondwet

Die opstel van 'n familiegrondwet is nog 'n kritieke stap in die bestuur van 'n familieboerdery. 'n Familiegrondwet is 'n stel riglyne en beginsels wat die interaksies en besluitnemingprosesse binne die familie en die besigheid beheer. Dit sluit tipies die volgende afdelings in: missie en waardes, bestuurstruktuur, kommunikasieprotokolle en konflikoplossingsmeganismes. Die duidelike riglyne en prosesse wat in 'n familiegrondwet vervat word, kan konflik verlig en deursigtigheid bevorder.

Opvolgbeplanning: die geheim vir langtermynsukses

Opvolgbeplanning is een van die grootste uitdagings vir familieboerderye.

Volgens Radley wys statistieke slegs 'n klein persentasie van alle familieondernemings word suksesvol na die derde geslag oorgedra. Dit is dus noodsaaklik om die toekomstige leierskap van die boerdery te beplan. 'n Goed deurdagte skeidingsplan is van kardinale belang vir die voortbestaan van die onderneming. Dit kan die geleidelike oorgang van leierskap verseker sonder om die identiteit en integriteit van die onderneming te bedreig.

Die mentorskap van die ouer geslag en die oordrag van kundigheid speel 'n kritieke rol in die bewaring van tradisies en die voortsetting van die boerdery. As dit oor 'n tydperk van jare gedoen word, kan 'n geskikte opvolger – wat die werk wil doen – vroegtydig geïdentifiseer en opgelei word. Opvolgbeplanning behels ook die instandhouding van familieharmonie.

Finansiële bestuur vir welvaartskepping

Familieboerderye het die potensiaal om welvaart oor geslagte heen te skep of te verloor. Volgens Radley is dit een van die voordele van 'n familieboerdery bo enige ander soort. Die sukses van enige familieonderneming hang dus af van geskikte bestuurspraktyke, insluitend belegging in bekwame bestuurders en die diversifisering van bates. Die identifisering en bestuur van finansiële risiko is belangrik. Deur kundige advies te volg kan daar proaktief vir die toekoms beplan word.

Voordele en volhoubare groei

Radley lys 'n reeks voordele wat volhoubare familieboerderye bied, insluitend die benutting van familiële kundigheid en sterk sosiale en emosionele bande met die plaas en die gemeenskap. Hierdie faktore dra by tot die langtermynsukses en volhoubaarheid van familieboerderye as 'n essensiële skakel in die landbouketting.

Daar is baie uitdagings en bedreigings, maar die toekoms van die Suid-Afrikaanse landbousektor is onlosmaaklik verbind met die voortgesette groei van familieboerderye. Dit is immers nie net 'n bron van inkomste nie, maar 'n bewaarder van tradisies, kennis en gemeenskaplike waardes.

Dr. Andries Radley kan gekontak word deur die webwerf www.radleysolutions.co.za, of by 079 493 1144.

Proudly

ab academy BRUSHWARE



PAINT BRUSHES



PAINT ROLLERS



PAINT ACCESSORIES



BROOMS, MOPS & HYGIENE



SANDPAPER



ALUMINIUM LADDERS

Incorporating:



LEISURE
QUIP

TRAVEL
QUIP

HOME
QUIP

XSTRAP
MULTI-PURPOSE STRAPPING SYSTEM

SANLIC
HOUSE OF LOCKS



JAGUAR



MOTOR ACCESSORIES



OUTDOOR ACCESSORIES



TRAVEL ACCESSORIES



LOCKS



SAFES & SECURITY



IRON MONGERY



HOME ACCESSORIES



STRAPPING & TIE DOWNS



HARD COOLER BOXES



HANDLES



KEY CUTTING MACHINES



ACCESSORIES

**YOUR ONE STOP SHOP FOR ALL
PAINTING, CLEANING, SAFETY & SECURITY,
MOTORING, HOUSEHOLD & OUTDOOR ACCESSORIES,
ALL AVAILABLE VIA A SINGLE ACCOUNT**

#TogetherWeAreStronger

Die voetspore wat ons nalaat



deur André W. Diederichs

*Kern-sakelesse om te verseker dat jou
familieonderneming vir toekomstige generasies
bewaar word.*

Die voetspore wat ons nalaat, moet nie net ons nageslag finansiëel versorg nie, maar veral ook ons spore op hul hart nalaat, want goeie waardes en familieharmonie is die kosbaarste geskenk wat ons ooit kan nalaat.

Ons almal het 'n storie om te vertel. As 'n familieondernemingkonsultant skryf ek gereeld oor ander mense se stories want, soos William Borgens tereg sê: "A writer is the sum of his experiences."

In my nuwe boek, *Voetspore*, stap ons die pad saam met die familieboerdery-karakters in my vorige boek, *Nalatenskap*. *Voetspore* hervat die ou stories in *Nalatenskap* en laat ook nuwe ervarings van soet en suur voortleef.

Sommige familieboere wat ek moes bystaan se stories is baie dramatiese, soos Willem en sy enigste seun, Wilhelmus, wat vir meer as twee dekades van mekaar vervreem was voor ons die familieharmonie herstel het. Willem se kanker het aansienlik toegeneem en die suur wat rondom die familie-onenigheid verstrengel was, kry 'n soete beloning wanneer 'n baie siek Willem kan toekyk hoe sy nageslag hul spore in die kersieboorde begin intrap.

Die voetspore wat ons nalaat, is diep verweef met die nalatenskap wat elke persoon skep, hetsy deur ons daade, ons woorde of die impak wat ons op ander het. Dit spreek van 'n ongeskrewe reis wat toekomstige geslagte volg, geïnspireer deur dié wat voor hulle gekom het. Dit is nie net ons biologiese kinders wat in ons voetspore volg nie, maar ook dié wat deur ons lewe geïnspireer word, of ons nou leiers, opvoeders, familieboere of eenvoudig mense in die gemeenskap is.

Sommige mense laat voetspore na wat die hele wêreld beïnvloed. Neem William Shakespeare, of soos ons Afrikaanssprekendes na hom verwys as "Willem Wikkelspies", as voorbeeld. Sy nalatenskap leef lank ná sy dood steeds voort. Shakespeare het sy voetspore in die literatuur gelos en miljoene mense regoor die wêreld volg nog steeds daardie pad deur sy toneelstukke te bestudeer, op te voer en te herskryf.

Almal is nie 'n Shakespeare of skrywers nie, maar ons almal se lewe vertel 'n storie. Die lewe self is 'n storie – die keuses wat ons maak, die mense wie se lewe ons aanraak en die spore wat ons los vir diegene wat ná ons kom.

Hierdie voetspore word nie net in groot daade gemaak nie, maar ook in die alledaagse besluite en interaksies. Die eenvoud van 'n vriendelike gebaar, die woorde van bemoediging of die manier waarop ons moeilike omstandighede hanteer, dra by tot ons elkeen se lewensverhaal en die nalatenskap wat ons skep.

Jan Boshoff, 'n boer in die Delmas-omgewing, is 'n voorbeeld van hoe alledaagse besluite en interaksies voetspore kan nalaat wat getuig van wie hy is. Jan het onlangs verjaar en ek deel graag sy antwoord op my gelukwensing met julle.

"André, dankie vir jou wense met my verjaardag. Ek stuur vir jou my verjaardagverrassing met my verjaardag." Hy het ook vir my 'n video gestuur van hoe die plaaswerkers vir hom kom sing en bid het.

Jan skryf voort: "Ek het 'n getuienis wat ek graag met jou deel. Ek het in November 1970 matriek geskryf. My 'English' was nooit goed nie, maar ek het altyd deurgekom. Met die uitdeel van die eindeksamen- Engelsvraestel maak ek toe 'n belofte dat as die Here my sal help om die Engels deur te kom, ek onderneem om die evangelie te versprei my lewe lank. (Inderwaarheid is dit wel elke Christen se plig).

"So open ek elke week en tolk ons op 'n Maandag die evangelie op die plaas. Later kruis my pad met Sunnyboy en Ephraim. Maandag kom Sunnyboy tot by my en ek neem Ephraim na my medeboere om die beurt vir opening.

"Gisteroggend verras 'n groep van my werkers my deur vir my te kom sing met my verjaardag, maar meer belangrik, daarna bid hulle vir my. Ek het nooit die evangelie versprei met 'n verwagting dat ek iets daarvoor moet ontvang nie. Ek sê baie vir hulle ek bid vir hulle, wat ek ook doen as ons saam open. Ek het nooit verwag om iets terug te ontvang nie. Hierdie is net vir my die bevestiging dat die saad wat gesaai is nie ledig sal terugkeer nie. Ek is so diep dankbaar vir die gebaar."

'n Boek binne 'n skrywer is soos 'n fetus in 'n baarmoeder. Sodra dit verwek is, is daar niks wat die proses kan versnel of voorkom nie. Die wyse waarop ons lewe, is 'n ongeskrewe boek vir almal om te lees. Net soos 'n baba het dit sy eie natuurlike ritme en groei.

Die belangrikheid van die voetspore wat ons nalaat, lê daarin dat hulle onbewustelik en dikwels ongesiens deur ander gevolg word. Ons kinders en dié wat ons aanraak, leer nie net van ons wat om te doen nie, maar ook hoe om te dink en te wees. Deur ons suksesse en ons foute help ons stories om hul voetspore te vorm. Ons moet waaksaam wees oor die voetspore wat ons nalaat...



TUIS MET TEGNOLOGIE


CASE IH, DIE TUISTE VAN TEGNOLOGIE



Teen die agtergrond van Case IH se posisionering van “voel tuis by CASE”, wil ons elke boer, groot of klein, gemaklik laat voel met die tegnologie tot sy of haar beskikking. Ons verstaan ook dat uitgebreide tegnologie nie oornag in ‘n boerdery geïmplementeer kan word nie en daarom wil ons saam met ons boere die pad stap.

Case IH streef daarna om altyd vir produsente 'n tuisvoel-bymekaarkomplek te wees. Kom geniet 'n koppie boeretroos saam met ons, hetsy by jou naaste tak of handelaar, of by die volgende boeredag, en maak jouself tuis.

**Ons span staan slag gereed om jou te ontvang.
Kom voel tuis by CASE.**



www.caseih.co.za

CASE IH

AgriSA-kongres:

Die horison is groen

deur Leana Bezuidenhout

Agri SA, wat vanjaar sy 120ste bestaansjaar vier, het op 9 en 10 Oktober sy jaarlikse kongres in Kaapstad aangebied. Dié landbou-organisasie het die visie om 'n inklusiewe en vooruitstrewende landbousektor te verseker en deur met respek aan sy waardes en samewerking met sy lede sy missie te bereik, naamlik om boere te bemagtig.

Groen Horisonne ("Green Horizons") was, op grond van die beginsels hierbo, 'n akkurate tema vir die 2024-kongres: 'n fokus op volhoubare landbou, innovering en samewerking.

Die kongres het egter nie net op 'n gesonde landboutoekoms gekonsentreer nie, maar ook die ryk geskiedenis van die organisasie gevier.

Terwyl AgriSA terugkyk op hierdie ryke geskiedenis, bly hy verbind tot sy doelstellings om sy lede te dien en die belange van die landbougemeenskap te bevorder, sê die organisasie. Sy nalatenskap is een van veerkragtigheid, eenheid en vooruitgang, en hy sien daarna uit om die toekoms van landbou vir die volgende 120 jaar te beïnvloed.

Johan Kotzé, Hoof- uitvoerende beampte van AgriSA, sê dat die kongrestema die kern van die kongres verteenwoordig.

"Dit beklemtoon ons toewyding tot volhoubare landbou, toekomsgerigte strategieë om toekomstige uitdagings te takel en ons onwrikbare toewyding om groei, innovering en samewerking in die bedryf te bewerkstellig," sê hy.

Die kongres se formaat is vanjaar aangepas om in-diepte gesprekke en samewerking aan te moedig. Kongresgangers kon enige van die vyf aktuele besprekings bywoon wat op vyf verskillende plekke aangebied is – 'n kort loopafstand van mekaar. Dit het verseker dat gaste tussen gesprekke en onderwerpe kon beweeg om waardevolle inligting te kry.

Die VKB Groep se verhouding met georganiseerde landbou is een waaraan daar waarde geheg word, en dit is 'n jare lange vennootskap wat gekoester word. Die groep het bystand aan die kongres gebied deur studente op te lei om kongresgangers tussen die onderskeie venues te ondersteun en hulp aan te bied waar nodig.



Landboustudente wat in samewerking met die VKB Groep die kongres bygewoon en ander kongresgangers bygestaan het. Bo is studente van Elsenburg Landboukollege en links is studente van die landboufakulteit van die Universiteit Stellenbosch.

Die belangrikheid van die verlede en die noodsaaklikheid van toekomsdenke is vir die VKB Groep ewe belangrik. Daarom is vennootskappe soos dié met AgriSA vir die groep van soveel waarde. Landbouers se belange word beskerm en verteenwoordig op regeringsvlakke – 'n prioriteit vir georganiseerde landbou én landboubesighede.

Bronne:

- www.agrisa.org.za
- www.foodformzansi.co.za



Wat is 'n boer?

Die oudste beroep in die wêreld, sover ons weet, is dié van 'n boer. Die Egiptenare het sowat 12 000 jaar gelede vir die eerste keer hul hand aan boerdery gewaag. Selfs in daardie tyd was dit moeilik om te boer. Ons lees in die Bybel hoe moeilik dit soms was om vir die nasies genoeg kos te produseer en dus hoe moeilik dit was om te boer.

Vandag, duisende jare later, is dit steeds moeilik, maar min mense beseft dit en min weet regtig wat boere alles moet doen om onder die vaandel van "boer" te oorleef en 'n bestaan te maak.

Maar miskien moet ons eerder vra: Waar kom die kos wat ons in die winkels koop vandaan?

In kort: 'n Boer is iemand wat onder die vaandel van die landbou werk en 'n verskeidenheid voedselprodukte groei of produseer vir menslike en diereverbruik.

Party boere produseer dus kos vir mense en ander produseer kos vir diere – of soms produseer hulle kos vir albei.

Kos vir mense kan enigiets wees soos melk, vrugte, groente of dit kan iets wees soos koring wat later gemaal word en waarmee brood gebak word – dieselfde brood wat jy by die kafee koop.

Kos vir diere wat deur boere geproduseer word, kan iets wees soos geelmielies of lusern wat gemaal word vir beeste en skape, en hierdie diere word later geslag en die vleis word deur ons gekoop in slaghuise. Of ons gaan eet 'n lekker T-been-steak in 'n restaurant.



Daar is dus boere wat diere grootmaak en as hulle groot is, word hulle verkoop vir wins, en daar is boere wat grane en ander gewasse plant, hetsy dit later vir mense of diere gebruik word.

Die woord "boer" (of landbouwer) verwys na 'n persoon wat 'n groot stuk grond besit en hy/sy benut hierdie grond deur byvoorbeeld landerye aan te lê en op hierdie landerye word gewasse soos mielies en koring geproduseer.

Daar kan nie op alle plase gesaai word nie. Op sulke plase word daar eerder slagdiere of iets soos volstruise op die veld aangehou en grootgemaak. Die diere of hul velle of vere word dan later verkoop vir die mark.

Wat die meeste mense dalk nie beseef nie is dat, of dit nou 'n skaap of 'n bees is waarmee geboer word, in 99% van alle gevalle word sulke diere een of ander tyd in hul lewe gevoer met aangeplante weidings. Boere is daarom baie afhanklik van mekaar, want nie almal kan saai of weidings plant nie. As daar dus in 'n spesifieke jaar te min kos geproduseer word as gevolg van 'n droogte, byvoorbeeld, dan kry almal swaar – boere, diere én verbruikers.

Dit is daarom jammer dat die meeste onkundige mense dink plaasdiere loop eenvoudig net in die veld en wei lekker op hul eie, word vanself groot – dit kos mos niks – en dan eendag word die vee geslag en die vleis word vir groot winste verkoop ... en dan koop die boere vir hulle nuwe bakkies. Dis eenvoudig net nie waar nie en as jy al op 'n plaas gewerk het en harde plaaswerk gedoen het, sal jy weet hoe moeilik dit vir 'n boer is om onder moeilike omstandighede 'n ordentlike eindproduk te lewer. Soms, veral gedurende 'n slegte droogte, het boere hulp van buite-instansies en selfs van hul regerings af nodig.

Regerings maak wette en stel regulasies op. Hierdie wette, soos byvoorbeeld invoerwette, is nie altyd in belang van die boere nie en word soms misbruik deur invoerders wat veevoer van swak gehalte van die buiteland af invoer. Soms plaas regulasies nie genoeg beperkings op uitvoere en invoere nie of ander wette bevorder voedselsmokkelary en korrupsie.

As regerings vir hul boere omgee, kan baie goed gedoen word om boere te help om beter produkte vir die plaaslike bevolking te lewer, spesifiek gedurende 'n noodgeval soos droogtes.

Maar ongelukkig het Suid-Afrika se regering nie juis simpatie met die meeste boere in die land nie en kom hulp te laat van die regering af, indien enigsins.

Ten spyte hiervan is Suid-Afrika se boere baie hardwerkende mense en weet hulle dat 'n suksesvolle boer se hoofdoel nog steeds is om 'n goeie oes te lewer en om gesonde diere te produseer sodat die land se bevolking ordentlike kos het om te eet.

Boere in Suid-Afrika werk vir hulself en is alleen verantwoordelik vir alle gewasse wat op hul plase geplant of gesaai word. Ja, jy kry ook maatskappye wat plase besit en boer, maar dis 'n ander saak...

Privaat boere neem verder verantwoordelikheid vir alle vee op hul plase. En as daar byvoorbeeld siektes uitbreek en duisende diere van kant gemaak moet word om die landbou te red (soos onlangs die geval was met volstruise as gevolg van voëlgriep), is daar gewoonlik nie 'n regering wat help nie. Nie soos in die meeste ander lande in die wêreld nie. Die risiko vir boere in Suid-Afrika bly dus besonder groot.

Boere maak wins deur die verkoop van die gewasse wat hulle plant en die diere wat hulle grootmaak.

Kospryse word meestal internasionaal bepaal en dit gebeur gereeld dat boere 'n verlies maak omdat internasionale pryse net teen oestyd kwaai geval het.

Een ding is egter seker: Sonder die kos wat boere reg oor die aarde elke jaar produseer – maak nie saak in watter land dit is nie – sal die bevolkings op hierdie planeet hongersnood ervaar.

Ondersteun dus ons boere wat elke dag hard werk om te verseker dat dit nié gebeur nie.

Hier is 'n aanhaling wat nogal akkuraat is wanneer jy 'n boer wil beskryf:

"Boere boer vir die liefde van boerdery en vir die liefde van die grond – veral as dit hul eie grond en eie plaas is. Hulle hou daarvan om die groei van hul plante en diere dop te hou en te koester – dag of nag. Hulle hou daarvan om in die teenwoordigheid van hul diere te werk – al weet hulle dat dit 'n kort verhouding is voordat hierdie geliefde diere gelaai word vir die volgende vendusie. Hulle hou daarvan om naby hul Skepper buite in die son, in die reën, in die wind en in die mooi te werk. Ja, en hulle hou daarvan om oor die weer te praat, selfs as dit hulle lamlê en ellendig maak, maar meestal as dit hulle bly maak."

Naskrif: Daar is vandag baie jong Suid-Afrikaanse manne wat graag plaaswerk wil doen en nooit die geleentheid in Suid-Afrika kon kry nie. Baie van hierdie opgeleide jong manne het toe gaan plaaswerk doen in lande soos Amerika. As jy nog jonk is en lief is vir Suid-Afrika en graag wil leer boer, besoek die amptelike Plaas Werk-webwerf by plaaswerk.co.za



Wat doen 'n boer?

Hy is verantwoordelik vir alles

Om winsgewend te boer moet 'n boer verantwoordelikheid aanvaar vir alles wat hy of sy op die plaas aanpak. Dit maak nie saak hoe klein of groot die besluit op daardie oomblik lyk nie, een foutjie kan later groot verliese beteken. Of dit nou gaan oor die aankoop van saad of die spesifieke datum vir aanplanting van daardie saad, die verkeerde besluit kan die boer sy/haar plaas laat verloor.

Hy moet kennis dra

Ander besluite gaan oor die keuse van die regte kontantgewasse of die aankoop van gehalte-teelmateriaal vir slagdiere of die meng van kos vir daardie diere of die versorging van 'n spesifieke soort vee op 'n produksieplaas. Die finale besluit is altyd die boer s'n en die boer s'n alleen – so ook is die risiko net die boer s'n.



Om te oorleef móét 'n boer dus 'n wye kennisbasis hê van die landboubedryf as geheel, asook spesifieke kennis van die bedryf waarin hy of sy spesialiseer.

Maar daar is meer: Afgesien van die algemene kennis van plantdatums, teelsiklusse, oestydperke, ensovoorts, het 'n boer ook goeie kennis van meganika nodig.

Boerderytoerusting is duur, werk hard en breek baie. 'n Boer moet hierdie toerusting altyd in 'n goeie toestand hou sodat dit optimaal kan presteer.

Boere is verantwoordelik vir alle gewasse en vee waarmee hulle boer en wat ons as mense nodig het om te eet om te oorleef. 'n Boer moet dus uitstekende kennis hê van elke wet en elke regulasie – plaaslik en internasionaal – wat gaan oor voedselgesondheid.

Hy of sy moet die beperkings wat op die groter landboubedryf geplaas word, verstaan en ook weet wat sy direkte plaaslike owerhede ten opsigte van landbou verbied, toelaat of aanbeveel.

Tipes boere

- Pluimveeboere maak mak voëls soos ganse, eende, hoenders of kalkoene groot vir slagdoeleindes.
- Vleisboere maak vee groot, soos beeste of skape, of selfs minder algemene vee, soos bokke, volstruise of wild.
- Byeboere hou heuningbye in kaste aan en produseer heuning vir die mark. Hulle verhuur ook hul bye aan byvoorbeeld vrugteboere wat bye nodig het vir bestuiwing.
- En daar is nog honderde ander soorte boere.

Landbou verander elke dag en daar is vandag selfs boere wat met wurms boer. Hierdie wurms teer op afvalprodukte soos voedsel wat nie geeëet is nie, vrot vrugte en vrot groente. In die proses skakel die wurms hierdie afvalprodukte om in gesonde, voedingryke grond en organiese kunsmis.

Varsvisboere koop ook hierdie wurms, maak hulle droog en dan voer hulle die wurms vir hul visse. So help die een boer die ander, en op die ou einde produseer almal kos.

Elke boer is uniek

Geen twee stukke grond en geen twee plase is dieselfde nie en elke boer het sy eie maniere om dinge te doen. Jy kan net leer om suksesvol te boer deur jare se ondervinding.

Boere het verskillende persoonlikhede – net soos hul plase is nie twee van hulle dieselfde nie.



Oor die algemeen is boere geneig om ondernemende individue te wees, wat beteken dat hulle avontuurlustig, ambisieus, selfgeldend, ekstrovert, energiek, entoesiasies, selfversekerd en optimisties is. Ander is meer oorheersend, oortuigend en motiverend. Meeste boere is ook ondersoekend, wat beteken dat hulle intellektueel, introspektief en nuuskierig is.

- Klink dit so jy?
- Wil jy graag boer?

Dit is vandag moeilik om in Suid-Afrika te leer boer of te begin boer as niemand jou 'n kans gee nie. Om te leer boer en om plaaswerk te kan doen beteken dat jy prakties die werk moet begin doen.

As jy nog lekker jonk is, energie het, graag op 'n plaas wil werk en wil leer plaaswerk doen, gaan na die webwerf Plaaswerk.co.za

die Kragspan vir die produsent

Reeds sedert
2020

Slegs deur uitsette te optimaliseer, risiko's te verlaag en insetkoste deeglik te bestuur kan produsente oor die langtermyn volhoubaar bly.

VKB en IntelliGro is deur die Kragspan daartoe verbind om 'n waarde-aanbod te lewer om produsente effektief en optimaal van totale gewasspesifieke oplossings te voorsien.

- **Omvattende produkreeks**
- **Tegniese advies en kundige ondersteuning**
- **Koste-effektiewe produk- en finansieringsoplossings**
- **Afset vir produkte**



InteliGro
intelligent crop solutions

Jou Kragspan vir effektiewe gewasoplossings

Kontak jou IntelliGro Gewas Adviseur of
VKB Verteenwoordiger vir meer inligting



SCAN ME



Die ryk slaaf



Die eerste amptelike rekord oor hom is die rol van 'n slaweveiling op Graaff-Reinet toe hy en sy vier dogters op 5 Julie 1825 aan verskillende mense verkoop is. Hyself is aan Wynand Pretorius, 'n wamaker van Cradock, vir 'n allemintige 3 000 riksdaalders verkoop. Dit was daardie tyd 'n uitsonderlik hoë prys vir 'n slaaf en Pretorius het Frederik uiteindelik as 'n grofsmid opgelei.

Sy vrou, Christina, en sy seun, Petrus, is nie die dag verkoop nie en het in Graaff-Reinet agtergebly. Pretorius het Frederik aanvanklik toegelaat om soms by hulle te gaan kuier, wat 'n rit van 12 ure te perd gevegr het. Hulle moes egter later saam met hul eienaar van Graaff-Reinet af wegtrek. Toe Frederik vra of hy 'n paar dae kan afkry om sy vrou en seun te gaan groet, het Pretorius botweg geweier. Frederik het sy goed gepak en noordwaarts gedros. Kort hierna is hy gevang en toegesluit en met 25 houe met 'n sambok gevonniss.

Ná sy ontslag dros hy Vrystaat toe en gaan woon naby die Rietrivier by Titus Afrikaner, 'n Koranna-hoofman. Hier het hy hom as 'n voorslag wapensmid onderskei en gou alombekend in die Vrystaat geword. Hy het die Korannataal bemeester en 'n vertroueling van Titus Afrikaner geword.

Intussen het Pretorius 'n losprys van 400 riksdaalders én 'n wa aangebied vir die inhegtenisneming en uitlewering van Frederik. Toe die niksvermoedende Frederik eendag opdaag om een van die wit boere met smidswerk te help is hy gevang, maar ontsnap weer later. Hierna gaan bly hy by Jan Bloem, hoofman van die Springbok-Korannas, naby Philippolis, maar word vir 'n derde keer gevang. Dié slag deur die Griekwas van Adam Kok wat hom aan veldkornet Gideon Joubert uitlewer. Hy is in 'n stal opgesluit, maar hy ontsnap die soveelste keer.

Daarna sorg hy dat hy nooit weer as 'n slaaf gevang word nie. Ná sewe jaar by Jan Bloem kry hy toestemming om hom naby die Rietrivier te vestig. Intussen het sy seun, Petrus, hom by sy pa kom aansluit. Hulle het saam 'n baie suksesvolle boerdery gevestig, maar Frederik se finansiële deurbraak het skynbaar iewers in die tydperk tussen 1838 en 1845 gekom toe hy saam met wit boere in die destydse Transvaal gaan jag het. Hy het ná hierdie ekspedisie ivoor en velle ter waarde van meer as £3 300 verkoop. Dit het die grondslag vir sy welvaart gelê.

Op 16 Desember 1981 word 'n borsbeeld ter ere van Frederik Salomo Opperman, wat op 3 November 1891 oorlede is, by Oppermansgronde onthul. Dié gebied lê suid van Jacobsdal en tussen Koffiefontein en die oosgrens van die Noord-Kaap. Dit is 34 000 ha groot en het oorspronklik uit ses aangrensende plase bestaan. Daar was later 42 eienaars wat op kleinhoewes met skape, bokke en donkies geboer het. Frederik Opperman, aan wie die gronde oorspronklik behoort het, was ongetwyfeld die Vrystaat se eerste en bekendste slaaf, en later ook een van die rykste mense in die destydse Vrystaatse Republiek. Dit is onbekend wanneer en hoe hy in Suid-Afrika beland het. Daar word bespiegel dat sy pa Indies en sy ma Frans was en dat sy pa waarskynlik ook 'n slaaf was. Gevolglik het hyself ook as 'n slaaf grootgeword.

Frederik het pogings aangewend om sy gesin te herenig. Hy het sy vier dogters in die omgewing van Swellendam opgespoor. Sy slawevrou, Christina, was toe reeds etlike jare oorlede. Sy dogters het hulle mettertied op die plaas in die Vrystaat by hom aangesluit, waarna al vier later met wit boere getroud is.

In dié tyd het hy ook die tydelike eienaar van grond naby Bethanie geword, die Berlynse sendingstasie naby die huidige Edenburg. Hendrik Hendrikse, sekretaris van die Griekwas in Philippolis, het die plaas Kraaifontein aan hom toegeken, maar die Duitse sendeling, C. Wuras, het beswaar gemaak en aangevoer dat dié plaas reeds deur Adam Kok aan hóm toegeken is. Die geskil is in September 1845 aangehoor en 'n arbitrasiebevel was ten gunste van Wuras wat Frederik genoodsaak het om na Philippolis toe terug te trek. Hierna verkoop Adam Kok die plaas Doornhoek naby Jacobsdal aan Frederik. Omdat hy alreeds 'n groot veekudde gehad het, het hy vinnig begin om die buurplase op te koop. Volgens rekords het Frederik in 1867 meer as 1 500 beeste, 7 000 skape en 240 perde besit.

Frederik Salomo Opperman het in die ouderdom van ongeveer 105 jaar op 3 November 1891 gesterf. Ná Christina se dood is Frederik nog twee keer getroud. Sy tweede vrou was 'n Koranna met wie hy baie kort getroud was. Sy derde vrou se naam was Mietjie. Hulle is in 1884 getroud. Sy was die dogter van 'n wit boer. Volgens gerugte was Mietjie 40 jaar jonger as Frederik.

Apartheid het later die rykdom van die Oppermans geknou. As Kleurlinge was hulle nie toegelaat om verder plase in die Vrystaat aan te koop nie. Met verloop van tyd het die nageslag van Frederik en Petrus Opperman eenvoudig te veel vir die beperkte oppervlakte geword. Die Oppermansgronde was later só opgedeel dat dit nie meer as ekonomies lewensvatbare boerdery-eenhede kon voortbestaan nie. Daarmee saam het plaaslike ekonomiese faktore die jonger generasies na stede soos Bloemfontein, Johannesburg en Kaapstad laat uitwyk terwyl die ouer geslag in eenvoudige staatshuisies agtergebly het. Vandag is Oppermansgronde 'n byna onopsigtelike landelike dorpie naby Jacobsdal.

Bronne:

Du Pisani, E. The legacy of Frederik and Adam Opperman. Volume 4, Deel 13 van die Nasionale Museum, Bloemfontein se publikasies, Januarie 1984.

Wikipedia. Oppermansgronde.

Jan Van Der Merwe. Vrystaatse Dorpe. Kraal Uitgewers.

BEESVET 33+ LAAT JOU BEESTE EN JOU WINS SAAMGROEI!

Met **Molatek** se kundig geformuleerde proteïenkonsentraat, **Beesvet 33+**, is dit nie net jou vleisbeeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.

- Ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei stimuleer.
- Gebruik hoëgehalte, natuurlike proteïene wat volgens die aminosuurprofiel vir optimale karkasgroei gebalanseer word.
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teen.
- Verseker maksimum wins.
- Geskik vir die afronding van bulle en skoubeeste.

PROTEÏENKONSENTRAAT

Vir meer inligting oor **Molatek** se spesifieke voere en dienste, kontak:

RCL FOODS: www.rclfoods.com

MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com

Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)



Volhoubare graanproduksie is moontlik met die regte produksiepraktyke

Producente wat volhoubaar bly boer, is die fundamentele beginsel waarop volhoubare voedselsekuriteit berus. In die lig van die steeds groeiende wêreldbevolking bly volhoubare landbouproduksie 'n fokusarea wat moet verseker dat elke mens op die aarde kos het om te eet.

"Dit bly belangrik dat opbrengs per hektaar moet toeneem om voedselsekuriteit te verseker te midde van uitdagings soos klimaatskommeling, fluktuierende ekonomieë, wêreldonrus, beperkte water- en grondbeskikbaarheid, sowel as die vereistes wat deur verbruikers gestel word. Dit is belangrik dat 'n mens nie uit die oog verloor dat landbouproduksie ook in die vraag na vesel, hout en houtprodukte, asook brandstof moet voorsien nie," sê Kobus Lindeque, onafhanklike landboubestuurskonsultant.

Volgens Lindeque kan produksie verhoog word deur die volgende:

- Die optimale gebruik van natuurlike hulpbronne;
- Die toepassing van volhoubare produksiestelsels;
- Die manipulasie van die produksie-omgewing deur onder meer kweekhuise en die gebruik van skadunette en tonnels;
- Verbeterde produksiepraktyke soos onder meer bewaringsbewerking;
- Die gebruik van tegnologie, wat datategnologie insluit; en
- Genetiese vooruitgang in gewasse.

Lindeque wys ook daarop dat daar verskeie faktore is wat verhoogde produksie kan verhinder:

- Klimaatskommeling en verskynsels soos vloede en droogtes;
- Produksiepraktyke;
- Die huiwering om tegnologie te gebruik;
- Die koste van tegnologie;
- Swak of 'n gebrek aan konektiwiteit vir die gebruik van datategnologie;
- Ontoereikende finansieringsmodelle; en
- Die gebrek aan voorligting, kennisoordraging, sowel as tegniese en landboukundige ondersteuning.

"Die volhoubaarheid van enige boerdery-onderneming is afhanklik van voordele wat die boer kan bewerkstellig deur sy produksiepraktyke en doeltreffende gebruik van hulpbronne, die bestuur van sy insetkoste en sy bemerkingstrategie. Hoë opbrengste moet nie die enigste mikpunt wees nie, maar wel volhoubare winsgewendheid," meen Lindeque.

Die volgende aspekte kan 'n groot rol speel in die volhoubaarheid van 'n boerdery:

Bestuursbeplanning en die doeltreffende gebruik van inligtingstelsels

Volgens Grant Pringle, Hooflandboukundige by Pannar, is bestuur een van die belangrikste en ook 'n kritieke inset in enige boerdery.

"Bestuur bepaal of 'n boerdery volhoubaar gaan wees in terme van produksie, maar ook winsgewindheid. Die tydige ingryping van goeie bestuursbeginsels kan 'n boerdery uit die verknorsing hou. Bestuurspraktyke, soos plantdatum, plaagbeheer en kunsmistoediening op die regte tyd, het 'n ongelooflike impak op die algehele prestasie van 'n gewas," verduidelik hy.

Hy noem byvoorbeeld hoewel die verskil in plantkoste weglaatbaar klein is tussen 'n drie-week-plantinterval, die opbrengsverskil aan die einde van die seisoen noemenswaardig kan wees bloot omdat die gewas óf binne óf buite die optimale plantdatum geplant is.



Verskeie faktore speel 'n rol in produksiebestuur, meen Andries Wessels, Verkoopsbestuurder: Saad by Syngenta.

"Bloot uit 'n aankoopoogpunt, kan vroeë aankope van insette groot besparings tot gevolg hê.

Verskeie saadmaatskappye het goeie aanbiedings ten opsigte van vroeë aankope terwyl sommige ook nog rentevoordele en risikovrye berging van saad aanbied. Dit kan op die ou einde 'n groot verskil aan die optelsom maak."

Wessels meen verder dat beplanning ten opsigte van meganisasie en bewerking kritiek is. "Goeie beplanning hier kan verseker dat al die gewasse op die geskikte oppervlakke binne 'n baie kort en beperkte plantvenster geplant kan word ten spyte van wisselvallige neerslag," meen hy.

Volgens Jaco Minnaar, AgriSA se President en boer van Hennenman, is dit kritiek om bestuursmetodes te ontwikkel om die geweldige hoeveelheid data wat ingesamel word, sinvol te gebruik om produksie optimaal te laat geskied.

"Ons het so baie data oor tyd ingesamel. Die vraag is: Hoe analyseer ons daardie data in ons inligtingstelsels om dit prakties en sinvol te gebruik? Ons moet ook seker maak dat die data ons nie mislei nie," aldus Minnaar.

Presisieboerdery en tegnologie

Presisieboerdery vorm in wese deel van die boer se bestuursproses.

In die literatuur is 'n hele aantal definisies wat presisieboerdery beskryf, maar opsommend kan gesê word dat dit daarop neerkom dat dit 'n bestuurbenadering is wat inligtingstegnologie gebruik om die doeltreffendheid van 'n produksiestelsel te verbeter deur gewasse en grond te ontleed en presies te voorsien van wat dit nodig om sodoende optimale plantgesondheid en produksie te verseker. Dit is 'n gedifferensieerde benadering waarvolgens 'n aantal landerye asook dele binne landerye, afsonderlik ontleed en gekategoriseer word volgens grondtipe, grondgesondheid, opbrengspotensiaal en klimaat. Daarna word die presiese hoeveelheid kunsmis, kalk, saad, plaagdoders en ander beheerbare insette volgens die spesifieke landery se potensiaal en behoeftes toegedeel. Die idee is om insetkoste op laer-potensiaalgrond te bespaar terwyl die hoë-potensiaalgronde so bestuur word om optimale opbrengs te verkry.

In die verlede was presisieboerdery dikwels beperk tot groter boerderye omdat die inligtingstegnologie en die gepaardgaande infrastruktuur gekoppel was aan skaal en dikwels ook te duur was vir die gemiddelde boerdery om te implementeer (Jacobs, Van Tol en Du Preez, 2018, Farmers' perceptions of precision agriculture and the role of agricultural extension: a case study of crop farming in the Schweizer-Reneke region, South Africa. South African Journal of Agricultural Extension (SAJAE). VL - 46).

Die afgelope dekade het presisieboerdery al meer veld gewen. Die ontwikkeling van mobiele toestelle, slim sensors, toegang tot hoëspoed-internet, laer kostes, hommeltuestelle en betroubare satelliete vir posisionering en beeldmateriaal is enkele van die redes waarom dit nou ook vir kleiner boerderye moontlik is om ook presisieboerderypraktyke toe te pas.

Wat die gebrek aan ondersteuning en die koste-aspek betref, het Christo Bisschoff en Bertie Michau, van NWU Besigheidskool, Noordwes-Universiteit, in 2019 'n ondersoek gedoen om te bepaal wat die struikelblokke is wat boere in die Oos-Vrystaat verhoed om presisieboerderypraktyke te implementeer (www.litnet.co.za/category/litnet-akademies-ekonomiese-en-bestuurswetenskappe/). Hulle het gevind dat hoewel presisieboerderymetodes landbouproduksie sal kan verhoog, daar tog ook sekere beperkings is op die vlak waartoe dit toegepas kan word. Hul studie het bevind dat daar steeds 'n groot aantal landbouprodusente is wat nie dié praktyke implementeer nie. Volgens hulle dui die resultate aan dat die struikelblokke oor tyd verander het vanaf suiwer onontwikkelde tegnologie en gebrekkige kennis tot meer diensgedrewe struikelblokke.

Die produsente het aangedui dat die produkontoestellingsdienste nie op standaard is nie en dat die implementeringskoste te hoog is.

Volgens Wessels is presisietegnologie 'n groot drywer in die ontsluiting van optimale opbrengs.

Maar, meen hy, dit is ook 'n belangrike hulpmiddel in bestuursbesluitneming omdat opbrengsone geïdentifiseer word. "Presisietegnologie word ook met sukses gebruik vir meer presiese kultivarplasing en monitering."

Pringle glo presisietegnologie lei tot verbeterde grondontledings en kunsmistoedienings omdat dié tegnologie die deur oopmaak vir varieerbare kunsmistoedienings en ook plantestand.

Volgens Minnaar skep presisietegnologie en die

sinvolle toepassing daarvan die geleentheid vir die bedryf om modelle te ontwikkel wat die boer self kan gebruik om wetenskaplik gefundeerde proewe te doen, sonder dat dit veel moeite van die boere of wetenskaplikes verg.

"Met hierdie modelle kan 'n mens enigiets waarvoor jy 'n preskripsiekaart kan maak – byvoorbeeld plantestand, kunsmispeile, blaarvoedings, kultivarkeuses en selfs diepte van grondbewerkings – sinvol beoordeel," verduidelik Minnaar.

Diversifikasie



Diversifikasie behels bloot dat 'n boer nie al sy spreekwoordelike appels in een mandjie plaas nie. Die hoofrede vir diversifikasie is om risiko te versprei. So kan die aanplanting van 'n verskeidenheid gewasse binne 'n gegewe gebied 'n groot bydrae lewer tot verhoogde produktiwiteit, asook 'n verspreiding van uitgawes en inkomste deur die seisoen. Dit bied ook 'n alternatiewe bron van inkomste en gesamentlik kan al die elemente bydra tot volhoubaarheid op die lang termyn.

Teling en kultivarkeuse

Pringle meen teling dra by tot volhoubaarheid omdat dit verbeterde eienskappe in gewasse meebring.

"Verbeterde eienskappe in nuwe kultivars bied aan die boer groter aanpasbaarheid by produksieomstandighede, beter sieketoleransie, droogverdraagsaamheid, verhoogde opbrengs en beter graankwaliteit. Om die bes aangepaste kultivar vir 'n omgewing te kies help om risiko's te temper en gee aan die gewas 'n beter kans op oorlewing en opbrengssukses," verduidelik Pringle.

Volgens Wessels lewer die nuwe tegnologieë wat deur maatskappye in teling gebruik word 'n groot bydrae om gewenste eienskappe in te teel en so die produk se opbrengspotensiaal te verhoog. "Hierdie tegnologieë is nodig om boere – kommersieel én kleinskaal – mededingend te hou en die byt van die kosteknyptang te laat vryspring."

Wessels meen dat kultivarvooruitgang noodsaaklik is omdat kultivarkeuse en die aanplant van 'n kultivarpakket steeds een van die effektiefste en goedkoopste metodes is om produksierisiko's te bestuur, sê hy.

"Die opbrengspotensiaal van 'n gewas is ten nouste gekoppel aan die eienskappe van die kiemplasmamateriaal wat in teling gebruik word," sê Hendrik van Staden, Eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Afrika. "Hoewel elke seisoen se klimaatsomstandighede in wisselwerking met omgewingstoestande en verbouingspraktyke natuurlik 'n invloed op opbrengs sal hê, speel die eienskappe van die saad wat geplant word 'n deurslaggewende rol."

Saadmaatskappye het 'n verantwoordelikheid teenoor die bedryf om genetica aan die mark vry te stel wat aan die produsent se behoeftes voldoen.

Daar kan nie sprake van volhoubaarheid wees as die praktiese behoeftes van die boer en die bedryf nie aangespreek word nie. Die dryfveer agter telings- en produkontwikkelingswerk is om saam met kliënte aan oplossings te werk. Die resultate van teelprogramme moet uiteindelik gestalte kry in gesonde plante en goeie opbrengs op die produsent se plaas," sê Van Staden.

Kultivarkeuse is een van die belangrikste boerderybesluite wat 'n produsent jaarliks moet neem, meen Van Staden.

Volgens hom moet produsente die volgende eienskappe in ag neem:

- Opbrengsstabiliteit;
- Opbrengspotensiaal;
- Groeiseisoenlengte;
- Staانvermoë;
- Siekteverdraagsaamheid;
- Biotegnologie-eienskappe; en
- Agronomiese eienskappe

Wessels wys daarop dat kultivars geselekteer moet word met soveel inligting as moontlik tot jou beskikking. "Produsente moet onthou dat kultivars se prestasie van seisoen tot seisoen wissel. Daarom is meerjarige data van kardinale belang. Veelvoudige lokaliteite is ook noodsaaklik. So kan mens bepaal of die kultivar aangepas is vir 'n spesifieke omgewing of nie, en omgewingsfaktore word ook uit die loop gehaal."

Gewasrotasie of wisselbou

Pringle meen gewasrotasie is die hoeksteen waarop volhoubare produksie rus. "Daar is oor en oor bewys dat monokultuur oor jare tot verminderde produktiwiteit lei. In 'n monokultuurstelsel is die kanse groter dat praktyke, soos gereelde diep grondbewerkings en kunsmistoedienings, sal toeneem in 'n poging om die afname in opbrengs te probeer aanspreek."

"Gewasrotasie bied verskeie voordele, waaronder beter onkruidbeheer, wat vir my die sterkste uitstaan," sê Wessels. "Deur gewasse te roteer, of 'n oorlêstelsel

te inkorporeer, kan produksierisiko's – veral in droë jare – aangespreek word. Die rotasie van gewasse beteken dat daar meer as een gewas op die plaas geplant word, en dit beteken dat risiko versprei word." Deur gewasse te roteer kan die lewensiklusse van siektes, insekte en onkruid onderbreek word, en volgens Pringle is dit 'n groot tree in die rigting van volhoubare produksie.

"Verder kan die rotasie van gewasse ook die implementering van verminderde bewerking fasiliteer," sê hy.

Grondgesondheid

Grondgesondheid word deur baie faktore beïnvloed. Een daarvan is onvolhoubare landboupraktyke. Volgens Wessels veroorsaak sekere landboupraktyke, soos monokultuurverbouing, sekere grondbewerkings en onwetenskaplike toediening van kunsmis grondversouting, versuring, kompaksie, korsvorming en 'n algehele versteuring van die voedingstofsiklus in die grond.

"Grond bevat 'n diverse hoeveelheid lewende organismes wat saam werk om die ekologiese sisteem in die grond in balans te hou," verduidelik Wessels.

Grondstatus het 'n groot impak op produksie en kan volhoubaarheid in die gedrang bring omdat swak grondstatus opbrengsverliese kan veroorsaak. Gereelde grondontleding is daarom uiters belangrik, meen Wessels.

Daarenteen, verduidelik Pringle, is grondgesondheid een van die uitkomstes van volhoubare landboupraktyke. "Deur gewasrotasie, dekgewasse en verminderde bewerking toe te pas, kan die algehele grondgesondheid op 'n plaas verbeter word. Deur verteenwoordigende grondmonsters te neem en die resultate daarvan te gebruik om jou kunsmisprogram uit te werk en grondkorreksies te doen kan mens die opbrengspotensiaal van jou grond verbeter. Die doel van die neem van

grondmonsters is om die grondstatus in balans te bring om sodoende optimale opbrengs te verseker." Omdat plante voedingstowwe uit die grond opneem wanneer dit groei en reproduseer, is dit nodig dat daar gereeld bepaal word wat presies in jou grond aangaan, verduidelik Wessels. "Verder moet daar in ag geneem word dat verskillende gewasse se behoeftes verskil ten opsigte van die soort en hoeveelheid voedingstowwe wat benodig word."

Die grond pH-status is 'n belangrike bron van inligting ten opsigte van die status van grondgesondheid, meen Wessels.



Die rol van dekgewasse

Grondgesondheid word ook bepaal deur hoe doeltreffend die koolstofsiklus in die grond kan plaasvind. Daarom speel dekgewasse so 'n groot rol. Die plant van dekgewasse word in dieselfde mandjie gegroepeer as begrippe soos die opbou van grondprofiel, grondgesondheid, volhoubare landbou, asook herlewings- of bewaringslandbou. "Dekgewasse verhoog wortelmassa in verskillende grondlae wat meebring dat daar beter deurlugting in die grond is en ook beter verspreiding van mikrobe plaasvind. Dit is verder bewys dat dekgewasse die grond beskerm teen die eroderende effekte van water en wind. Waar produsente dus dekgewasse in hul boerderystelsels kan inpas, behoort dit by te

dra tot die verbetering van hul grondprofiel omdat koolstof in die grond gesekwestreer word en dit opsigself kan bydra tot die volhoubaarheid van die boerderypraktyke op die plaas," meen Pringle.



Geïntegreerde plaagbestuur

Soos regulatoriese druk wêreldwyd toeneem oor die gebruik van 'n verskeidenheid chemiese plaagbeheerprodukte moet produsente kyk na alternatiewe oplossings.

Die FAO definieer geïntegreerde plaagbeheer as "... die omsigtige oorweging van alle beskikbare plaagbeheertegniese en gevolglike integrasie daarvan om te verhoed dat onaanvaarbare vlakke van 'n plaagpopulasie opbou terwyl die gebruik van plaagbeheermiddels en ander intervensies by vlakke gehou word wat ekonomies regverdigbaar is en ook die risiko wat dit vir die mens en natuur inhou, beperk". "Geïntegreerde Plaagbestuur bied 'n volhoubare oplossing wat die gebruik van verskillende metodes van plaagbeheer aanmoedig en sluit in chemiese, biologiese, kulturele en meganiese beheer.

"Alternatiewe opsies word aangebied om saam met die tradisionele chemiese en bewerkingsmetodes te gebruik. Dit is dus 'n multi-dimensionele bestuursbenadering vir die beheer van peste en plae," verduidelik Pringle.

Wessels voeg by dat wanneer 'n mens spesifiek na onkruidbeheer sou kyk, daar steeds verskeie opsies beskikbaar is wat gepaard gaan met gewasrotasie. Die kombinerings van meganiese en chemiese opsies, asook die afwisseling van produkte, is verder noodsaaklik om weerstand teen beheermiddels te verhoed of hok te slaan.

Produsente moet daarteen waak om slegs staat te maak op een soort onkruiddoder. Dit is raadsaam om middels met verskillende metodes van werking met mekaar af te wissel, sê Pringle.

Waterbestuur – grondwater en besproeiingskedulering

Besproeiing dra wêreldwyd grootliks by tot voedselsekerheid en hoewel die totale besproeide oppervlakte van Suid-Afrika relatief klein is, speel besproeiing 'n baie belangrike rol in verhoogde produksie.

In Suid-Afrika bied toegang tot betroubare en bekostigbare elektrisiteit 'n bykomende uitdaging. Beurtkrag of kragonderbrekings weens kabeldiefstal of verswakke infrastruktuur het 'n enorme impak op boerderybesighede wat vir hul besproeiing, pakhuis, verkoelingsstelsels, hoenderhokke of voerkrale van elektrisiteit afhanklik is.

"Die probleme wat met elektrisiteitsvoorsiening ervaar word, beklemtoon die waarde van besproeiingskedulering. Besproeiingskedulering stel die produsent in staat om die seisoenale waterbehoefte van die plant met sy watertoediening te sinkroniseer. Die doel van besproeiingsbestuur en -skedulering is om waterverlies te beperk," sê Wessels. Dit is egter nie net besproeiingsboere wat aandag moet gee aan waterbestuur nie.

Produsente kan slegs water doeltreffend gebruik as hulle weet wanneer en hoeveel water daar tot die plant se beskikking is of wanneer om dit toe te dien in die geval van besproeiing. Vir 'n produsent wat besproei, is dit belangrik om te weet hoeveel water die gewas gebruik het, hoeveel water in die grond beskikbaar is en hoeveel water die gewas nog nodig gaan hê sodat die regte hoeveelheid water weer toegedien kan word, meen Wessels.

Die grondtipe, grondtekstuur, asook die grondprofiel, sal bepaal hoeveel plantbeskikbare water daar is.

Sandgrond sal byvoorbeeld minder water vashou as leem- en kleigrond. Verder sal die spesifieke gewas se sensitiwiteit vir waterstremming in verskillende groeistadia bepaal hoeveel water uit die grond onttrek kan word voordat waterstremming intree.

Grondvogmeters is hier die produsent se vriend. Met vogmeters kan akkurate voglesings geneem word. Vogmeters neem deurentyd lesings en produsente kan enige tyd op die internet inteken en kyk hoe die grondwaterprofiel daar uitsien. Met hierdie inligting beskikbaar is dit moontlik om ingeligte besluite te neem oor hoeveel water die gewas in die spesifieke tydperk van sy ontwikkeling nodig het.

Die gevoeligheid vir waterstremming in die verskillende groeistadiums van mielies kan só opgesom word: In die vegetatiewe stadium is mielies gevoelig vir waterstremming van opkoms tot in die blomstadium. Hoewel matige waterstremming aan die begin van die vegetatiewe stadium wortelgroei kan stimuleer, is die teendeel waar tydens ernstige waterstremming. Ernstige waterstremming gedurende dié fase kan wortelontwikkeling beperk, wat veroorsaak dat die plant nie na wense ontwikkel en groei nie, wat uiteindelik graanopbrengs negatief beïnvloed.

In die reprodusiewe stadium, wat duur van blom tot graanvulling, kan waterstremming swak bestuiwing veroorsaak wat weereens graanopbrengs negatief kan raak.

Waterstremming tydens die graanvullings stadium kan lei tot swak graanvulling, laer pitmassa en 'n laer opbrengs. Graankwaliteit kan ook benadeel word.

Opleiding en ondersteuningstelsels

Produsente het vandag toegang tot 'n baie groot databasis van inligting, maar nie almal gebruik al die data wat hulle het in al hul bestuursbesluitneming nie.

"Data beteken nie veel as dit nie omgeskakel word in praktiese inligting nie. Die data wat deur presisieboerdery gegenereer word, moet doeltref-

fend benut en toegepas word. Dit is al manier waarop 'n boer sy winsgrens kan opskuif," meen Minnaar.


Dit is belangrik dat boere wat in die tegnologie belê, behoorlike opleiding ontvang sodat hulle die volle waarde uit die praktiese implementering van die tegnologie kan ontgin.

VAKANSIEPRET

2024



Spandeer tyd buite of by die park en speel met 'n vlieër.



Bou 'n fort. Gebruik stoele, komberse en kussings.

Werk saam om die huis mooi netjies en skoon te maak.



Bel iemand met wie jy lanklaas gepraat het.



Gaan ry met jou fiets of jou skopfietsie.



Oefen buite en doen strekoefeninge en joga.

Neem deel aan 'n sportwedstryd saam met jou maats.



Gaan na 'n restaurant en eet 'n lekker maaltyd of iets soets.



Bak koekies of maak lekker kos.




Lees jou gunstelingboek saam met 'n grootmens.

God se Seun is gebore

Lukas 2

Maria en Josef moes in 'n stal slaap omdat daar nie vir hulle plek in die herberg was nie. 'n Wonderlike ding het daardie nag gebeur - God se Seun, Jesus, is gebore. Maria het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê.





**Kleur in en teken jou droom-
geschenk onder die boom**




Knip en plak

Knip die prente mooi uit. Gebruik 'n gesigfoto van jou en plak jou gesig in die opening.




Ek is slim


Tel die styselprodukte (graan/ brood) in elke blok en skryf die regte getal in die regte blok.




Verbind getalle 1 tot 5. Kyk mooi na die getallelyn en kleur die vis in.



Teken 'n lyn om die skapie te help om by sy mamma te kom.




Knip op die lyne van die wasgoedlyn van onder na bo.



Kleur in




Kleur in



vkf


PIONEER.

Kleur in en zoek die 7 verskille



Ek kan lees

Rol en lees die woorde

blom	hond	af
boet	pyp	links
koei	put	son
huis	emmer	wolke
pad	kombuis	vark
mat	doen	ring
klip	gou	bring
klim	perd	fout
moet	gans	dam
stoel	bank	binne
baie	toilet	buite
blou	slaap	sien
droom	bed	modder
 of 	 of 	 of 

Instruksies: Rol die dobbelsteen en lees die woorde. Merk af. Hou aan speel totdat alle woorde geles is.

vkf



Manie Muis

Manie die muis bly in die stad.
 Manie die muis is klein en grys.
 Manie hou van mielies.
 Manie speel met sy maats.
 Manie se hoed is rooi.

Watter kleur is Manie se hoed? _____

Wat eet Manie graag? _____

Watter kleur is Manie? _____

Sara Hen



Die rooi hennetjie
 My naam is Sara.
 Ek hou baie van hard werk.
 Ek plant koring.
 Ek het twee lui vriende - Hansie die hond en Tokka die vark. Ek eet my brood alleen.

Wat plant die rooi hennetjie? _____


Wat is die rooi hennetjie se naam? _____

Wat doen die rooi hennetjie alleen?



Ek is slim


Kan jy die lyne namaak?



Teken die prentjie klaar.



Kleur net die prentjies in wat nie pas nie.




vk6

Kleur net die groter prentjies in by elke blokkie.












PIONEER

Ek ken my diere




Ek ken my diere

Knip die blokkies uit en speel "snap".



vk6




PIONEER.

Wat kan boere van ontwerpers van besproeiingstelsels verwag?

Volgens die ontwerpnorme van die Suid-Afrikaanse Besproeiingsinstituut (SABI) is die ontwerp van 'n besproeiingstelsel, die keuse van doeltreffende toerusting, die installering van die stelsel volgens die plan, sowel as die doeltreffende bestuur en instandhouding van so 'n stelsel deur boere, alles belangrike faktore indien produsente en boere beskikbare waterhulpbronne optimaal wil gebruik en water wil bespaar. Dit is daarom 'n bron van kommer dat baie boere hul besluit hoofsaaklik baseer op die kapitale koste van die stelsel.

Boere moet sterk oorweeg om van SABI se goedgekeurde ontwerpers, wat oor teoretiese en ook praktiese kennis van ontwerp beskik, gebruik te maak.

Die regte vrae moet deur produsente/boere gevra word om te verseker dat die ontwerpspesifikasies van die gekose stelsel aan hul behoeftes voldoen.

Dit word aanbeveel dat boere die aspekte wat in hierdie artikel bespreek word met hul besproeiingskonsultant en verskaffer bespreek voordat 'n nuwe stelsel aangekoop word. Die bespreking sal tot voordeel van beide die partye wees en sal help om 'n ingeligte besluit oor die voornemende kapitaalbelegging te maak. In hierdie voorafbesprekings moet die pligte en verantwoordelikhede van beide partye duidelik gemaak word.

deur Ian de Jager

Vergoeding van konsultant/ontwerper

Die SABI-raad stel voor dat alle lede van SABI vergoed word vir enige professionele werk wat vir of namens 'n kliënt gedoen word. Daar is geen gratis ontwerpe nie aangesien iemand uiteindelik vir die tyd en moeite wat betrokke is by die ontwerp of spesifisering van 'n besproeiingstelsel vergoed moet word. Daarom moedig SABI sy lede aan om 'n diensfooie vir dienste gelewer te hef, selfs al is dit net 'n nominale fooie. Die beginsel van betaling vir diens en advies moet in die beste belang van alle betrokke partye in die besproeiingsbedryf geïmplementeer word.

Verdere inligting wat kopers moet bekom

- Voldoen die voorgename aktiwiteite aan die bepalinge van die Nasionale Waterwet?
- Goeie beplanning moet volgens die beskikbaarheid en vereistes van water vir die beplande gewas en die gebied onder besproeiing gedoen word.
- Ewe belangrik is dat 'n gehalte-ontleding van die water wat gebruik word, gedoen word. Dit is noodsaaklik ten einde te verseker dat 'n geskikte stelsel ontwerp word met geen negatiewe gevolge op die gewasse of verstoppings, ensovoorts, nie.
- 'n Grondondersoek en -ontleding ten opsigte van die fisiese en chemiese eienskappe van die grond word ook vereis.
- Bogemelde inligting moet met die konsultant/ontwerper bespreek word.

Kwalifikasies van ontwerper

- Watter kwalifikasies en ondervinding het die ontwerper? Dit sal tipies insluit: formele opleiding aan 'n universiteit of tegniese kollege, 'n SABI-kursus, SABI- Goedgekeurde Ontwerper-lidmaatskapstatus en/of registrasie by die Ingenieursraad van Suid-Afrika.
- Kan hy/sy kontakbare verwysings gee van soortgelyke stelsels en/of verskaffing van materiale?

Wat die besproeiingontwerper of konsultant moet verskaf

- 'n Getekende ooreenkoms dat die stelsel inderdaad volgens die SABI-norme beplan is. Enige afwykings van die norme moet deur die ontwerper gemotiveer word.
- 'n Geskikte topografiese ondersoek.
- 'n Gedetailleerde tegniese ontwerp en verslag waarin stroomsnelheid en -druk gespesifiseer word.
- 'n Uitlegplan op skaal.
- Gedetailleerde installeringsplanne van die stelsel.
- Gedetailleerde produkspesifikasies (en tenderdokumente, indien versoek) wat gebruik sal word vir aankope, installering en/of ingebruikneming.
- 'n Voorgestelde bestuursplan van die stelsel. Dit is belangrik dat die ontwerper en die produsent van die beginfase af reeds duidelik kommunikeer om enige misverstande te voorkom en om te verseker dat die produsent die bestuursinsette en vereistes vir instandhouding van die beplande stelsel goed verstaan en daartoe instem. Eers wanneer 'n ooreenkoms oor dié aangeleentheid bereik is, moet daar tot die beplanning van die stelsel oorgegaan word.
- 'n Kapitaal-teenoor-bedryfskoste-vergelyking, sowel as die verwagte instandhoudingskoste oor die lewensduur van die stelsel moet verskaf word. Só word die produsent ingelig oor die verwagte voordele en die kostes daaraan verbonde.



Ontwerpmateriaal en stelsel

- Wat is die verwagte lewensduur van die materiaal wat gebruik sal word?
- Wat is die moontlikhede van uitbreidings aan die stelsel?
- Watter komponente is van kritieke belang en moet spesiale aandag kry?
- Is daar in die stelsel genoegsaam voorsiening gemaak vir die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid?

Stelselspesifieke norme

- Wat is die emitter-uniformiteit/verspreidingsuniformiteit van die stelsel?
- Is die stelsel maklik aanpasbaar by wisselende watervereistes, soos seisoenale veranderinge, en wat is die impak daarvan op die bestuursinsette?
- Wat van 'n voorgestelde instandhoudingsprogram vir die stelselkomponente, veral vir elektriese of hoëtegnologie-toerusting?

Watervereistes

- Wat is die optimale daaglikse vereiste van die gewas in millimeter per dag? Is die stelsel se kapasiteit aangepas om hiervoor voorsiening te maak?
- Wat is die verwagte waterverbruik per jaar in millimeter per hektaar?
- Indien verskillende gewasse, kultivars, ouderdomme of onderstamme gebruik word, is die stelsel sodanig beplan om aan die spesifieke vereistes van elke blok te voldoen?
- Het die ontwerper 'n pompboog voorsien wat die vloekoers teenoor druk wys vir die spesifieke pomp-motor-kombinasie? Is hierdie boog met die produsent bespreek?
- Is die pompinstallering nagegaan vir sekondêre verliese – veral aan die suigkant – om te verseker dat daar aan die vereistes van NPSH ("net positive suction head") voldoen word?
- Wat is die verwagte energiekoste van 'n stelsel in Rand per millimeter en water verskaf in Rand per hektaar?

Filtrering

- Is filtrering belangrik, en indien wel, tot watter mate, en watter tipe filter word voorgestel?
- Sal die filters outomaties terugspoel of moet dit met die hand gedoen word?
- Hoe gereeld en vir hoe lank moet die filters terugspoel word?

Vloeimeting

- Is die stelsel met 'n vloeimetingstoestel toegerus?
- Kan dit die vloeikoers sowel as 'n volumetriese totaal meet?
- Volg die installering die vervaardiger se minimum instruksies vir installering?

Druk- of luguitlating en spoel

- Is daar voldoende voorsiening gemaak vir luguitlaat- of inlaatkleppe, drukverligting en skuurkleppe?
- Word waterslag verwag en is daar voorsiening gemaak vir die beskerming van die stelsel?
- Het die komponente en pype die regte druktelling om die verwagte bedryfstoeistande van die stelsel te kan hanteer?
- Is voorsiening gemaak vir die spoel van mikro- en druplyne?

Waarborge

- Wie sal verantwoordelik wees vir watter dele van die waarborge – wie sal watter stelselkomponente installeer, toets en diens?
- Watter maatreëls en toetse sal gedoen word om te bepaal of die stelsel aan die ontwerp spesifikasies voldoen?
- Het die ontwerper alle leesstof, waarborge en bedryfsreëls van die stelsel aan die produsent of boer verskaf?

Chemiese inspuiting

- Is voorsiening gemaak vir ingeval 'n pyp in een van die verskaffingslyne bars?
- Voldoen die toedieningskoers van die toerusting aan die stelsel se druk- en vloeitoestande?
- Kan die toerusting beide chemiese en toegepaste plantvoedingstowwe hanteer indien nodig?



Kontroletoetse en metings wat gedoen moet word nadat die stelsel in bedryf gestel is

- Lees en hou rekord van spesifieke elektriese strome (Ampère) en pompdruk vir elke stelsel.
- Hou rekord van druk op elke blok of kontroleklep.
- Hou rekord van die vloeikoers vir elke blok, indien moontlik.
- Hou rekord van die drukverskille oor die skoon filterbank, indien van toepassing.
- Gaan die inlaatdruk van elke blok na teenoor die minimumdrukvereistes soos volgens die ontwerpverslag.

Hierdie inligting kan periodiek gebruik word om die stelsel se prestasie na te gaan.

Installering

Baie probleme en ontsteltenis kan voorkom word indien die partye vooraf besluit oor verantwoordelikhede ten opsigte van die volgende:

- Reëlins oor die skoonmaak van die terrein, soos byvoorbeeld stootskrapers;
- Afpenning van die stelsel;
- Siviele werke;
- Elektriese installerings en toepassings;
- Voorsiening van water, sement, sand en klip vir drukblokke;
- Toesig oor die korrekte installering van toerusting;
- Installering van die toerusting in die pomphuis;
- Wie is verantwoordelik vir toerusting wat val? en
- Hoe gereeld sal die ontwerper die perseel besoek om te verseker dat toerusting en installering aan die vereistes voldoen?

Indien daar probleme opduik tydens die toetsing van die stelsel, sal die produsent en die ontwerper 'n ooreenkoms moet bereik oor hoe die stelsel verbeter moet word om aan die ontwerp spesifikasies te voldoen. Die stelsel funksioneer dalk nie behoorlik nie weens installeringsfoute deur die produsent of ontwerp foute deur die ontwerper. Indien die boer/produsent die fout gemaak het, moet hy die koste van die veranderinge dra, en vice versa. SABI glo dat bogenoemde voorstelle vir boere én ontwerpers aanvaarbaar is en sal lei tot minder misverstande, sowel as 'n verbetering van die besproeiingsbedryf en watergebruik in Suid-Afrika.

Bron: www.SABI

Is daar geld in mielieproduksie?

deur **Gawie du Toit DSc(Agric) Pr.Sci.Nat.**

Vir enige land is selfvoorsiening van bekostigbare voedsel van hoë gehalte vir voortbestaan van kardinale belang. Vir Suid-Afrika is die mieliebedryf die hoeksteen vir die volhoubare voorsiening van hierdie voedsel aan die bevolking. Voedselsekerheid rus gevolglik vierkantig op die skouers van die mielie.

In hierdie verband moet 'n mens in gedagte hou dat die mielie regstreeks verantwoordelik is vir die energiebehoefte van die mens en onregstreeks die proteïenbehoefte deur middel van die veebedryf (vleis, eiers, melk, botter, kaas, joghurt, ensovoorts). Dus is mielies kos en kos is mielies. Daarbenewens word die nodige vitamienes deur groente en vrugte gelewer. Gesien teen die agtergrond van 'n grootskaalse gesprek tussen verskeie persone en instansies oor die wêreld heen oor probleme met voedselvoorsiening aan agt miljard mense op die aardbol, die miljoene wat reeds honger ly, veral in sub-Sahara-Afrika (en reeds ook plaaslik in Suid-Afrika), verdere verswarende omstandighede met oorlog in die Midde-Ooste, die Suez-kanaal wat van tyd tot tyd geblokkeer word – om net enkele gevalle te noem – is dit absoluut gebiedend noodsaaklik dat Suid-Afrika 'n finansiële gesonde mieliebedryf moet hê wat grootliks winsgewend onafhanklik moet kan produseer.

MIELIESKULD

Dit is egter hier waar die spreekwoordelike kinkel in die kabel kom – mielieboere se skuld is te groot, en dit hoef nie so te wees nie.

Volgens Statistieke SA en waarnemers beloop skuld vir die mieliebedryf minstens R120 miljard. Die vraag is nou egter: Waaraan kan hierdie skuld toegeskryf word, of anders gestel, wat het aanleiding daartoe gegee?

Vele antwoorde kan waarskynlik aangehaal word en selfs tegnologiese en innovasie kan nie verhoed dat produksiekoste buitensporig toeneem nie. Die werklikheid is dat koste handuit ruk en te hoog is en mieliewins dan slegs 'n hersenskim word.

OORSAAK VAN SKULD

Die prysstruktuur word deurgaans as hooforsaak uitgesonder, veral die pryse van insetprodukte wat buitensporig toeneem. Kunsmispryse word veral as voorbeeld genoem, aangesien dit die grootste enkele koste-item vir die mielieboer is.

Daarenteen word geen oorweging daaraan geskenk dat fisiese produksiemiddele wat toegedien word moontlik heeltemal te veel kan wees nie.

OORMAAT NPK

Is die vraag al ooit gevra of daar byvoorbeeld nie te veel kunsmis in die verlede toegedien is – en so ook ander insette – nie?


Sal die vermindering van veral 'n oormaat NPK-inset (kg/ha) nie 'n heelwat groter bydrae tot verminderde produksiekoste – en dus winsgewende produksie – lewer as die prysverhoging daarvan nie?

Die aangeleentheid van moontlike onnodige oormaat NPK-insette wat produksiekoste van mielies deur die dak jaag, sal nou onder die loep geneem word.

NPK-PROEF

'n Duidelike antwoord behoort na vore te kom soos toegelig deur navorsingsresultate in die volgende twee figure uit 'n onlangse proefaksie wat as voorbeeld dien van 'n reeks soortgelyke proewe wat die afgelope meer as 40 jaar onderneem is.

Oesresultate vir NPK-behandelings volg nou hiermee in onderstaande twee figure van navorsing wat by Jan en Hansie Naudé van Bethlehem uitgevoer is.



FIGUUR 1

NPK-BEHANDELINGS MET OOREENSTEMMENDE OESTE

6 t/ha met 0 kg NPK/ha (kontrole);

8,4 t/ha met 74 kg NPK/ha ('n drastiese toename in oes van 2,4 t/ha);

8,95 t/ha met 97 kg NPK/ha (0,55 t/ha-toename in oes); en

9,14 t/ha met 121 kg NPK/ha (0,19 t/ha-toename in oes) – MAKSIMUM OES.


Oestoename word dus geleidelik minder van 2,4-, 0,55- tot 0,19 t/ha.

Geen reglynige toename vind dus plaas nie, maar die toename in oes word met elke inkrement van NPK-verhoging al kleiner.

Die werklike betekenis hiervan sal eers waarde kry wanneer misstofkoste afgetrek word van die bruto inkomste van elk om wins bo misstof-inset te lewer.

Nou bepaal 'n baie bekende natuur- en ekonomiese wet van dalende meeropbrengs dat geen maksimum oes ooit die beste wins kan lewer nie. Die betekenis van genoemde wet sal dus nou beskou word, soos toegelig deur die waardes van wins vir die onderskeie oeste te vergelyk, soos in Figuur 2 gevind word.

Let op dat "wins" hier verwys na slegs wins bo NPK-inset.



FIGUUR 2

WINS MET VERSKILLEND NPK-INSETTE

Volgens Figuur 2 is dit duidelik dat maksimum oes van 9,14 t/ha nie die prestasie kon herhaal om ook maksimum wins te lewer nie.

Vergelyk dan R22 877/ha wins (9,14 t/ha) met die kleiner oes van 8,95 t/ha se groter wins van R23 454/ha. Die maksimum oes (9,14 t/ha) het inderdaad dan met R482/ha swakker presteer as die kleiner oes (8,95 t/ha) – en dit ten spyte van R1 147/ha groter spandering aan NPK teenoor die kleiner oes se laer NPK-koste.

Daar moet dus ernstig gewaak word teen die sindroom van spandering van R1 om dan slegs 90 sent te maak, wat beslis nie goeie besigheid is nie.

Onthou altoos dat risiko met onvoorspelbare klimaat nie uit die oog verloor moet word met ekstra spandering om groot oeste te jaag wat nie winsgewend is nie.

Dat daar dus 'n groot skroef los is met bemesting van mielies, ly geen twyfel nie. NPK-aanbevelings met gevolglike buitensporige misstofaanwending is ernstig uit koers uit.

Dit is nou baie duidelik dat die enigste manier om uit hierdie skuldknyp tang te kom is om koste te verminder (veral NPK) en nie maksimum oeste te jaag nie. Dit gaan dus oor geld in die sak (maksimum wins) en nie die Opbrengsbeker vir Maksimum Oes in die mielieklub nie.

Mielieboere sal uiters oordeelkundig te werk moet gaan met keuse van die regte hoeveelheid misstof-toediening vir winsgewende produksie. Hulle sal veral daarop bedag moet wees dat bemestingadviseurs hulle nie onnodig kunsmis laat toedien wat nie 'n positiewe finansiële resultaat lewer nie – kies 'n regte adviseur.

UITSTEKENDE PRODUKSIE MET NET STIKSTOF (N)

'n Voorbeeld van een van 'n aantal produsente wat reeds 'n nugter bemestingsbenadering volg om maksimum wins te behaal en nie maksimum oes na te jaag nie, is Sjaak van der Smit van Cullinan (sien Foto 1).

Sjaak staan hier by groenmielies wat vir die agste agtereenvolgende oes slegs stikstof ontvang het (plant en bobemesting van N = 138 kg/ha).

Grondwaardes van pH = 6,5 (water), P = 40 d.p.m. en K = 190 d.p.m., wat gunstig is en deur middel van grondontleding dopgehou word om deurgaans voldoende te wees sodat daar geen sprake van sogenaamde "myn" van voedingstowwe is nie.

Vir die groter mieliebedryf is grond-P-waardes in die verlede hoofsaaklik (met geringe uitsonderings) opgebou na hoë vlakke sodat dit boere kan loon om ruimskoots daarvan gebruik te maak, tesame met K-syfers wat soortgelyk goed voorsien is.



FOTO 1: Sjaak van der Smit by sy groenmielies.

So ook kan mielies op verlede jaar se sojalande eweneens met aansienlik minder N klaarkom, afgesien van geen P en K nie.

Reuse-bemestingbesparing kan ook vir die komende seisoen volg, veral waar boere minder goeie oeste die afgelope seisoen behaal het.

PIJK OES OP GROND MET LAE P-WAARDE

Foto 2 toon mielies met die teenoorgestelde grond-P-waarde van Foto 1, van slegs 3 d.p.m. en ook 'n goeie pH = 6,5 (water) en K=170 d.p.m.

Bemesting was met planttyd gelyk aan 28 kg N-, 17 kg P- en 11 kg K/ha, opgevolg met 70 kg N/ha as bobemesting. Opbrengs ná 'n goeie klimaatseisoen was 'n betekenisvolle 8,5 t/ha.



FOTO 2

Let veral op dat hier geen regstelling van grond-P gedoen is, soos voorskrifte oor die algemeen dit wil hê nie. En hierdie betrokke boer maak van geen vreemde produksiekapitaal gebruik om sy oesinset te finansier nie – hy werk kontant.


'n FINANSIEEL GESONDE MIELIEBEDRYF

Ten slotte moet beklemtoon word dat dit weens die wêreldvoedselprobleem absoluut noodsaaklik is dat Suid-Afrika verseker moet wees van 'n stewige en volhoubare mieliebedryf wat finansiële kerngesond moet wees om met die wêreldmark mee te ding. Dit beteken mielies sal winsgewend en goedkoper geproduseer moet word as tans vir die volhoubaarheid daarvan en vir voedselsekerheid. En dit kan alleen plaasvind met verstandig verminderde produksie-insette gebaseer op navorsing, veral met NPK-proewe. Indien produsente genoemde benadering nougeset toepas om mielies winsgewend te produseer kan 'n "nuwe dagbreek" op die horison verskyn wat van kardinale belang is vir ekonomies volhoubare voedselproduksie vir Suid-Afrika.

Vanuit bogenoemde proefresultate en bespreking is dit onteenseglik duidelik dat daar geld in mielieproduksie is en dat dit wel winsgewend en volhoubaar geproduseer kan word.

Verseker jou toekoms

Watervoogdyskap: Só boer jy vooruit



Rentmeesterskap verg dat jy weet waar jou waterbronne vandaan kom, hoe jy dit gebruik en waarheen dit vloei. Dit sluit in om die beste praktyke toe te pas, betrokke te raak by watervoogdyskap anderkant jou plaasgrens en om te help met waterbestuur in jou opvangsgebied.



1

Monitor jou plaastoestand en watergebruik. Benut die jongste tegnologie (insluitende satellietwaarnemings en grondvogmeters). Samel ook betroubare data in oor watervloei, boorgatwatervlakke en reënvalsyfers.

2

Pas bewaringslandbou toe – dit verleen veerkragtigheid aan jou boerdery. Gebruik grondbedekking en plant dekgewasse om die grondgehalte te verbeter. Dit beheer onkruid en verhoed ook dat grondvog verdamp.

3

Outomatiseer jou besproeiingstelsel en hou dit in stand. Raak ontslae van lekplekke en maak seker die stelsel werk behoorlik.

4

Herwin en hergebruik water by die kelder of pakstoor. Behandel afvalwater sodat dit elders benut kan word, onder meer vir besproeiing. Maak seker dat alle watergebruik op die plaas aan wetlike vereistes voldoen.

5

Pas goeie afvalbestuur toe. Maak jou eie kompos of begin 'n wurmplaas. Gebruik dit om die grondgehalte en die grond se waterhouvermoë te verbeter.

6

Gebruik landbou-chemikalieë (soos onkruidodders en kunsmis) met omsigtigheid. Tref voorsorg teen waterbesoedeling by jou gifstoor, volmaakplekke en dieseltenks.

7

Teen 2050 kan reënval in die Wes-Kaap 30% minder wees as nou. Meer vloede en droogtes word voortaan te midde van eietydse klimaatsverandering voorsien.

8

Sorg vir buffersones en oewerplantegroei langs die rivier. Rehabiteer dit waar nodig deur endemiese plante te hervestig. Dit help onder meer om erosie te bekamp asook met vloedbeheer tydens oorstromings. Gesonde riviere het ook 'n selfreinigingsvermoë en lewer beter watergehalte.

9

Beskerm vleilande en rehabiliteer dit waar nodig. Hierdie natuurlike "sponse" help watervloei reguleer en vloedwaters vertraag. Dit suiwer ook water en vul grondwaterbronne aan.

10

Raak ontslae van indringerplante. Dit sal help om watervloei en die afloop na vleilande, strome, riviere en damme te verbeter. Indringerplante is dorstig – landwyd slurp dit jaarliks 3% van al ons beskikbare waterbronne op. Dit is genoeg vir meer as 3,4 miljoen mense se behoeftes (heeljaar lank). In die Bergrivier- en Breederivier-opvangsgebied en elders in die fynbosryk gebruik indringerplante meer as 6% van beskikbare waterbronne. Hierdie plante, wat natuurlike plantegroei verdring, is boonop olie op die vuur tydens 'n veldbrand.

11

Gesels met jou buurman en ander rolspelers in die opvangsgebied oor hoe julle saam waterkwessies kan takel.

12

Monitor deurentyd watergehalte en moenie grondwaterbronne oormatig benut nie. Maak seker dat die water wat deur jou plaas vloei nie besoedel word nie. Dít wat stroomop en in die groter opvangsgebied gebeur, beïnvloed wat stroomaf gebeur.

V23837 (Wet 36 van 1947)

Produk sielek 28



vir die **LIEFDE** van jou **DIERE**

QPro Produk sielek 28 is 'n klaar gemengde lek wat in tye van tekorte genoegsame proteïene, energie, vitamïene en spoorminerale aan die dier sal voorsien. Die lek stimuleer rumen mikro-organismes om weidingsinname in droë tye te verbeter.

QPro Produk sielek kan gebruik word as:

- Prikkelvoer voor dekseisoen
- Om gewigsverlies te voorkom
- As onderhouds- en produk sielek vir skape
- Uitgroeï van jong bulle en verse
- Uitgroeï van ramme en jong ooie

Innames:

- Beeste 800-1200 g/dier/dag
- Skaap 200-250 g/dier/dag



Deel van die VKB Groep.

Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587



Hoekom longsiekte in beeste monitor?

deur dr. Brent Sirrals

Daar is verskeie maniere om bakteriële monsters te verkry vanaf lewendige siek beeste. Een van die akkuraatste metodes is om 'n sogenaamde "longspoeling" te doen. Die korrekte term is 'n "trans-tracheale-aspiraasie" (TTA). 'n Naald word in die trachea (lugpyp) geplaas, waarna 'n dun kateter (pypie) deur die naald gevoer word tot onder by die hoofbronchus (longpyp). Steriele water word dan gebruik om 'n vogmonster van die afscheidings in die longe in te samel.

Dit is 'n indringende prosedure en moet deur 'n veearts uitgevoer word.

Hierdie vloeistof word dan verpak en na 'n bakteriologie-laboratorium gestuur. Hier word dit op 'n kultuurmedium geplaas, sodat die bakterieë kan groei. Die bakterieë word dan getoets teen verskeie groepe antibiotika en sekere aktiewe bestanddele, om te bepaal of dit nog effektief is om die bakterieë te dood.

Hierdie inligting is baie belangrik vir jou veearts vir 'n aantal redes. Eerstens kan die veearts bepaal of daar weerstandige bakteriële stamme teenwoordig is in hierdie spesifieke dier, en dus ook watse antibiotika om aan te beveel in die spesifieke geval. Soos meer monsters versamel word uit verskillende diere oor 'n langer tydperk, kan afleidings gemaak word oor die belangrikste bakterieë teenwoordig in 'n spesifieke kudde, asook die weerstands- en risikoprofiel op die plaas.

Jou veearts kan ook veranderinge aanbeveel as die profiel verander, en jou inentingsprogram dienoreenkomstig aanpas soos nodig.

Longsiekte in beeste is die siekte van die grootste ekonomiese belang vir rooivleisprodusente wêreldwyd.

Dit word veroorsaak deur verskeie gasheer-, patogeniese en omgewingsfaktore. Onlangse speen, vervoer en meng van beeste vanaf verskillende geografiese oorsprong bly van die algemeenste omgewingsfaktore wat tot longsiekte lei. Voeg hierby stof in die lug, wisselende dag- en nagtemperatuur, 'n onderontwikkelde immuunstelsel in kalwers, en dit gee vir ons 'n resep vir siek diere!

Die ekonomiese belang van die toestand spruit uit die feit dat produsente jaarliks baie geld moet spandeer op voorkomingsmaatreëls, soos inentings om morbiditeite (siektes) te verminder, asook behandeling van siek diere om verliese aan vrektes te vermy. Om effektiewe behandeling en bestuur te verseker is dit dus belangrik om te weet watse bakterieë teenwoordig is in die laer lugweg van siek beeste in Suid Afrika.

Nadoodse weefselmonsters kan versamel word direk vanuit die longweefsel, maar daar is gewoonlik kontaminasie of reeds net 'n groot verskeidenheid bakterieë teenwoordig, afhangende van hoe lank die dier reeds dood is.

Hierdie artikel verskyn op die webblad

<https://www.msd-animal-health.co.za/wp-content/uploads/sites/30/2020/05/VV-longsiekte.pdf>



4" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van pompe gepas vir enige boorgat.

4SD2 Reeks pompe 2000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 35m tot 209m diep.

4SD4 Reeks pompe 4000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 70m tot 116m diep.

4SD8 Reeks pompe 8000L/H beskikbaar vanaf 2.2KW tot 7.5KW vir boorgate van 63m tot 166m.

Ook beskikbaar 4SD12 en 4SD16 reeks pompe van 12000L/H en 16000L/H.



4" Boorgat motors 220V / 380V 0.37KW-7.5KW

Hurricane SA het 'n reeks boorgat motors in 220V en 380V

220V Enkel fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.5HP tot in met 2.2KW of 3HP wat saam met 'n standaard of outomatiese kontrole kas gebruik kan word.

380V Drie fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.55HP tot 7.5KW of 10HP hierdie motors werk met 380V outomatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.

220V Standard



220V Auto



380V Auto



4" Boorgat pomp kombinasie stelle

(kabel reeds vasgesit, pomp is reg vir installasie)

Die 4SD2/9 kombinasie stel 0.37KW 220V sluit die volgende items in: 4SD2/9 Pomp, 0.37KW 220V motor, 0.37KW standaard kontrole kas, 40m kabel en 40m ski tou.

Die 4SD2/12 kombinasie stel 0.55KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/12 Pomp, 0.55KW 220V motor, 0.55KW standaard kontrole kas, 60m kabel en 60m ski tou.

Die 4SD2/15 kombinasie stel 0.75KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/15 Pomp, 0.75KW 220V motor, 0.75KW standaard kontrole kas, 80m kabel en 80m ski tou.



Vloei meters

FLZS-25 Vloei meter
250-2500L/uur.

FLZS-25-2 Vloei meter
100-1000L/uur.

FLZS-32 Vloei meter
400-4000L/uur.

FLZS-65 Vloei meter
5000-25000L/uur.



Druk pompe

JSW10M Drukomp 0.75KW 220V
Inlaat grootte : 1duim of 25mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

JSW15M Drukomp 1.1KW 220V
Inlaat grootte : 1 en "n kwart duim of 32mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

Druk kontroleerder & dryf skakelaar





Die groot wedloop om die wêreld se grootste insekplaas te bou

Die wêreld se grootste insekplaas, wat in April vanjaar in Nesle, Frankryk geopen het, strek oor 35 000 m² en sal vanjaar 15 000 ton proteïen van vlieglarwes produseer. As alles volgens plan verloop, sal dit in Desember oortref word deur 'n 45 000 m²-plaas buite Amiens (ook in Frankryk) wat in staat sal wees om meer as 100 000 ton meelwurms per jaar te produseer. Daardie rekord sal binnekort verbeter word deur ten minste twee verdere vliegbroeikaste wat beplan is om voor of in 2025 geopen te word.



Die wedloop is aan die gang om die wêreld se grootste insekplaas te bou. 'n Strewe om kweekhuysgasse van diervoedingproduksie te verminder het hierdie bedryf tot gevolg gehad, wat baie waagkapitaal beskikbaar het en belowe om eendag groot hoeveelhede proteïen met minder kweekhuysgasse as tradisionele voerverskaffers te produseer.

Op die hoë-tegnologie plase word daar massas meelwurms en vlieglarwes in temperatuurgekontroleerde plastiektenks gekweek. Die insekte se mis word in bemesting verwerk, en die insekte in proteïen- en voedsame olies vir troeteldier-, vis- en veeprodukte.

Die insekte voed op voedselafval, dikwels afkomstig vanaf nabygeleë plase of voedselverwerkingsaanlegte. Hulle word dag en nag versorg deur arbeiders en KI-aangedrewe robotte wat die fabriek 24/7 proteïen laat uitrol.

Hoewel mense al eeue lank insekte eet en miljarde mense dit vandag steeds doen, verkoop insekmaatskappye oor die algemeen nie insekte vir menslike verbruik nie. Hulle strew e eerder daarna om marktaandeel van dierevoerprodusente oor te neem. As insekte gevoed word met voedselafval en naby die voedselverwerkingsaanlegte gekweek word wat uiteindelik die insekte sal koop, kan hulle 'n meer volhoubare bron van voedingstowwe wees as standaardalternatiewe soos sojaboonvoer of vismeel, sê wetenskaplikes.

"Ons stel nie voor dat insekte enige van die kos op jou bord vervang nie," het prof. Christine Picard, 'n biologieprofessor aan die Universiteit van Indiana-Purdue, Indianapolis, wat genetiese navorsing doen oor insekte wat vir proteïen geteel word, gesê. "Wat ons voorstel, is om hopelik van die kos wat reeds op jou bord verskyn meer volhoubaar te maak."



Plase wat soos vlieë vermeerder

Insekmaatskappye het sedert 2020 meer as \$1 miljard se waagkapitaal opgelewer.

In April het die vleisreus Tyson Foods belê in Protix, 'n Nederlandse beginneronderneming wat swartsoldaatvlieg-larwes kweek. Hierdie insekte word deur boere verkies omdat hulle byna enigiets sal eet en vinnig groei.

Die voedselverwerkingsreus ADM het in 2020 'n soortgelyke ooreenkoms met 'n ander swartsoldaatvlieg-beginner genaamd InnovaFeed, gebaseer in Parys, gesluit.

Tyson en ADM het elk 'n belang in hul vennootskapmaatskappy gekoop en aangekondig dat hulle planne het om groot nuwe plase in die Verenigde State te bou.

Die insekmaatskappye hoop om uiteindelik 'n voet in die deur te kry met groot kopers in die mark vir vis- en veevoer, troeteldierkos en bemesting.

"As jy net 'n paar ton of tientalle tonne produseer, bestaan jy nie," het Antoine Hubert, medestigter van Ynsect, 'n Franse beginneronderneming, wat in meelwurms spesialiseer, gesê.




"Dit is hoekom ons iets massiefs moet ontwikkel, want jy het duisende tonne, indien nie tientalle duisende tonne nie, nodig om 'n enkele koper te diens."

Die vinnige groei van groot, gesofistikeerde fasiliteite dui daarop dat die bedryf verder gevorder het as sy larwestadium, volgens Protix-stigter Kees Aarts.

"In die beginstadium het jy 'n paar masjiene in 'n toetsbed, maar nou is ons werklik 'n bedryf met 'n groot fasiliteit en 24/7-operasies."

Waagkapitaalbefondsing vir insekboerderye neem toe

Wêreldwye befondsing vir maatskappye in die insekboerderybedryf



Bron: Crunchbase

Die eerste plaas is in Suid-Afrika begin

Die insekteboerderykonsep het in 2014 posgevat toe die nou-ontbinde Suid-Afrikaanse beginneronderneming AgriProtein \$11 miljoen ingesamel het om 'n swartsoldaatvliegplaas buite Kaapstad te bou.

AgriProtein het die plaas in 2015 geopen – dit was toe die wêreld se grootste plaas van sy soort – en het onderneem om teen 2024 nog 99 plase te open. Hoewel die maatskappy ses jaar later ineengestort het, het dit die begin

van die wedloop om insekplase op monumentale skaal te bou, ingelui. [Vandag is daar steeds verskeie insekplase in Suid-Afrika waar hierdie bedryf beoefen en verder uitgebrei word.]

Bron: <https://grondtotmond.com/2024/05/17/insekplase/>

Vaarwel Plae, Hallo welige groen grasperk

Moenie toelaat dat lastige ruspes en kommandowurms jou perfekte grasperk bederf nie. Met **Wonder Lawn Pest & Green** kan jy 'n gesonde, plaagvrye grasperk hê, regdeur die jaar. Ons unieke formule dien as beide 'n insekdoder en kunsmis, wat dubbele voordele vir jou grasperk bied.



Skandeer hier vir klanterbode advies

Verbruikerssorglyn: 0861 333 586 | info@wonder.co.za | www.wonder.co.za Wonder Garden Care

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms) Bpk Reg. Nr. 1973/000868/07 Posbus 652147, Benmore, 2010

Wonder Lawn Pest & Green Reg. Nr. L9117 & K8911 N-F1268 Wet Nr. 36 van 1947 W1501075

WAARSKUWING

Waak teen dié groentesiektes wat jou oes kan verwoes

deur Hannelie Cronjé

Kennis is mag. Dit geld ook in die stryd teen plantsiektes in die landbou- en tuinboubedryf. In hierdie tweede artikel in ons reeks oor groentesiektes fokus ons op siektes wat jou beet- en soetrissie-oes kan verwoes. Deur die identifikasie van algemene siektes, kan bestuurstrategieë vir die doeltreffende bestryding daarvan ingespan word. Tydige optrede en waaksaamheid is die twee sleutelaspekte vir sukses.

Beet

Plaag- en siektebeheer

Plae wat beet gereeld aanval, sluit in plantluise, rooispinnekop, blaarvretende insekte en snywurms. Beheer kan toegepas word deur geregistreerde chemikalieë te spuit en om aas te gebruik wanneer die wortels volwassenheid bereik het. Gewasrotering kan ook help.

Gereelde **siektes** sluit in:

Cervospora-blaarvlek, donsskimmel, bruinroes, skurfsiekte, wortelvrot en afvrot.

Beheer kan toegepas word deur saad in goed gestruktureerde grond te plant. Saad moet met swamwerende middels behandel word*. Gewasrotasie moet toegepas word. Die gewas moet genoegsame boor kry. Plant op die regte tydstip en nie te diep nie. Plant in grond wat goed dreineer.

In die geval van donsskimmel moet saad aangekoop word in 'n gebied waar hierdie siekte nie voorkom nie.

*** Saadbehandeling:** Plaas die saad in warm water van 50 °C vir 25 minute.



Siektebeheer



Donsskimmel

Jong blare krul ondertoe op die punte. 'n Grys swamgroeï is aan die onderkant van die blare sigbaar. Die geïnfekteerde plante word later bruin.

Beheer: Die siekte word deur die saad oorgedra. Gebruik daarom saad van goeie gehalte. Moenie te veel water gee nie. Plant in goed gedreineerde grond. Beheer onkruid. Moenie plante te op mekaar plant nie.



Wortelvrot en afvrot

Ontkieming is swak, die jong saailinge groei swak, word geel, verlep, val om en gaan dood. Die wortels is vrot en word swart. In kompakte grond kan hierdie siekte tot groot verlies aan oeste lei.

Beheer: Moenie te veel water gee nie. Plant net in grond wat goed dreineer. Behandel die saad met swamwerende middels. Pas gewasrotasie toe. Maak seker die gewasse het nie 'n boortekort nie. Plant op die regte tyd en nie te diep nie.



Rhizomania ("crazy root")



Rhizomania word veroorsaak deur die BNYVV (*beet necrotic yellow vein virus*), wat as 'n furovirus geklassifiseer is. Dit wil sê dit is 'n familie virusse met 'n positiewe string (*Virgaviridae*) waar plante natuurlike gashere is. BNYVV word oorgedra deur die grondgedraagde swam *Polymyxa betae* wat 'n gedwonge parasiet is en dus 'n geskikte gasheer benodig om sy lewensiklus te kan voltooi. Die patogeen oorleef vir lang tye in agterblewe materiaal in die grond en stel weer soöspore vry wat die virus na die wortels oordra. Die siekte word gekenmerk deur vergeling van die blare en afsterwing van die nerwe in die blaar. Verskrompeling, verlepping en verdwering van blare kan ook voorkom, wat maklik verwar kan word met 'n voedingstekort en/of waterstres.

Rhizomania word gekenmerk deur 'n verknotte penwortel met die vorming en proliferasie van klein laterale, veselagtige, harerige wortels wat maak dat die wortel wat die voedingstowwe moet dra, soos 'n baard lyk. Die magdom harerige wortels sal die hoeveelheid en doeltreffende opname van voedingstowwe en water beperk, wat sal lei tot verdwering en verminderde opbrengs.

Wanneer infeksie later in die groeiseisoen eers voorkom, kan dit meebring dat die wortels dunner raak met 'n kenmerkende hoë kroon wat soos 'n wynglas gevorm is. In erg geaffekteerde plante gaan al die wortels dood en word die vaatbondels in die plant bruin. Warm, waterversadigde grond is die ideale teelaarde vir die BNYV-virus se verspreiding en infeksie.

Vroeë infeksie lei tot 'n aansienlik hoër graad van verdwering en verlies aan opbrengs. Infeksies later in die seisoen kan verlies aan suikroesinhoud veroorsaak, maar lewer dikwels steeds aanvaarbare opbrengs. Die intensiteit van opbrengsverlies is dus direk gekorreleer met die tyd van infeksie.

Beheer: Gebruik BNYVV-weerstandige hibriedkultivars. Verminder die verspreiding van geïnfecteerde grond. Vroeë saai wanneer grondtemperatuur nog koel is, presisie-besproeiing, behoorlike dreinerings van grond en die vestiging van 'n sterk blaredak kan die gevaar van infeksie verminder. Onkruidbeheer moet toegepas word voordat hulle met die beetsaailing kan meeding en in hul groei inmeng. Alle onkruid tussen rye moet met die hand verwyder word om skade aan die wortels te voorkom. Onkruid doders kan ook gespuit word. Volg net alle aanwysings op die verpakking daarvan sorgvuldig. Met gewasrotering as voorkomende maatregel is dit belangrik om te noem dat indien 'n stuk grond met *Polymyxa betae* besmet is, gewasrotering nie werklik doeltreffend sal wees nie weens die gevaar van infeksie omdat die dormante in die grond kan oorleef.

Plaagbeheer



Snywurms

Snywurms is grys/bruin tot swart wurms wat op die gedeelte van die stam net bokant die grond vreet wat daartoe lei dat saailinge wat pas oorgeplant is, omval.

Beheer: Hou die landery onkruidvry vir sowat ses weke voor aanplanting. Plaas kommersiële snywurm-aas rondom saailinge se stammetjies.



Hawaise beetwebwurm



Die liggroenerige larwe van hierdie klein bruin en wit mot vreet aan die onderkante van blare en kruip in losgespinde webbe weg.

Beheer: Gewasrotasie word aanbeveel. Plant ook gousblomme, mosterd- en raapsaad tussen die beet. Dien geregistreerde onkruid doders toe.



Klein kommandowurm

Ook bekend as die beetkommandowurm. Hierdie wurms, wat hul naam ontleen aan die feit dat hulle landerye soos groot troepe soldate binneval, is gewoonlik groen, maar kan ook bruin of swarterig wees. Hulle is gemiddeld 25 mm lank. Die larwes kruip bedags onderlangs op die plant en tussen stamme of kluite op die grond weg en kom snags uit om verwoesting onder die plante te saai.

Beheer: Gewasrotasie word aanbeveel. Plant ook gousblomme, mosterd- en raapsaad tussen die beet. Dien geregistreerde onkruid doders toe.



Nematodes



Nematodes veroorsaak swellings (galle) op die wortels wat dan swak groei in plante veroorsaak.

Beheer: Gewasrotasie word aanbeveel. Plant ook gousblomme, mosterd- en raapsaad tussen die beet. Dien geregistreerde onkruid doders toe.

Soetrissies

Plaagbeheer



Plantluse (hoofsaaklik *Myzus persicae*)



Plantluse kan soetrissies onbemarkbaar maak weens die heuningdou wat deur die plantluis afgeskei word en/of die gepaardgaande roetagtige skimmelswam. Geïnfekteerde plante kan verdwerg wees met vervormde blaredrag. Groenperskeplantluse kom in verskillende kleure voor en teer op 'n groot verskeidenheid gasheerplante. Hulle oorwinter as eiertjies op gewasreste of gasheerplante. Gevleuelde vorms, wat minder gereeld aangetref word as vlerklose vorms, stel die insek in staat om van een landerye na 'n ander gebied te beweeg. Die vroulike plantluis kan voortplant sonder om met mannetjies te paar. Die mate van voorkoms van plantluse word sterk deur weerpatrone bepaal.

Beheer: Infeksies in kweekhuise van oorgeplante plantjies kan grootliks beperk word deur goeie kweekhuissanitasie toe te pas. In landerye moet onkruidbeheer aan die kante van landerye toegepas word om plantluis-infestasies te beperk. Nadat die gewas geoes is, moet alle gewasreste op die landerye so gou as moontlik vernietig word.



Europese mieliboorde (*Ostrinia nubilalis*)



Die mieliboorde larwe vreet 'n tunnel in die vrugte, wat onmiddellike skade, premature rypword en 'n ingangspunt vir ander verrottende patogene veroorsaak. Baie geïnfesteerde vrugte lyk aan die buitekant heel gesond, maar dan is die binnekant erg beskadig.

Beheer: Deur soetrissies so ver as moontlik van mielies af te plant, kan help om infestasies te verminder. Verwyder ook alle onkruid langs landerye om dit minder aantreklik te maak vir wyfies wat hul eiers daar kom lê. Deur die soetrissiereste ná oes te vernietig en in die herfs te ploeg kan 'n groot persentasie van die larwes wat oorwinter, vernietig word.



Myte

Myte wat die plante vreet, veroorsaak dat die blare na onder omkrul sodat dit soos 'n onderstebo lepel lyk. Die blaarskyfontwikkeling van jong blare word ook onderdruk sodat die blare baie smal is. Geïnfekteerde blare ontwikkel 'n brons voorkoms, veral aan die onderkant, en hulle word dik en bros. Swaar infestasies maak die apikale teelweefsel dood. Vrugte kry 'n rooibruin, kurkerige oppervlak en kan verwronge wees (Black et al., 1991).

Beheer: Onkruid, soos byvoorbeeld nastergal, wat gasheer vir die myte is, moet beheer word om infestasies te verminder. Verskeie insek- en mytdoders bied doeltreffende beheer van silwermyte (Pernezny et al., 2003).



Blaaspootjies

Die skade wat blaaspootjies aanrig, sluit in vervorming of opwaartse krulling van blare sodat dit 'n bootvormige voorkoms ontwikkel. Die blare lyk verkreukeld en die blaarskyf kan verklein wat tot smal jong blare lei. Die onderste oppervlak van die blare kry 'n silwer glans wat later brons word, veral naby die nerwe. Beskadigde vrugte is vervorm met 'n netwerk rooibruin strepe (Black et al., 1991).

Beheer: Beheermaatreëls sluit in die gebruik van weerstandige kultivars en 'n deklaag van plastiek (Pernezny et al., 2003).

Siektebeheer



Bakteriese blaarvlek



Die siekte word veroorsaak deur die bakterie *Xanthomonas campestris* pv. *vesicatoria* en is die siekte met die grootste ekonomiese impak op soetrissies. Die oorsaaklike bakterie infekteer die vrug sowel as die blaredrag. Blaarvlekke verskyn eers aan die onderkant van blare as klein, oneweredige, waterige kolle. Die kolle word al groter en word pers-grys met 'n swart middelpunt en kan dalk 'n dun geel sirkel ook hê. Geïnfekteerde blare word onreëlmatig, verkleur geel en val af. Kolle op die vrugte is soos blasies wat grof en kankeragtig word en dikwels tot binne-in die vrug se saadholte versprei, wat die vrug aan sekondêre patogene blootstel. Die verlies aan blare stel ook die vrugte bloot aan sonskroei.

Beheer: Al hoe meer weerstandige variëteite met goeie tuinboukundige eienskappe word aan produsente beskikbaar gestel. Tweejaarrotasie weg van tamaties en soetrissies word aanbeveel. Saad moet gesertifiseer en siektevry wees. 'n Saadbehandeling met bleikmiddel kan help om beheer te verskaf. Goeie sanitasie in die landerye is 'n noodsaaklike stap in die bestuur van hierdie siekte in die veld. Meeste groeiers het van oorhoofse besproeiing oorgeskakel na drupbesproeiing om die verspreiding van bakteriese blaarvlek te beperk. Oesreste moet so gou as moontlik ná oes vernietig word ten einde hierdie bron van die siekte vir ander plante te verwyder en om ontbinding te inisieer.



Phytophthora-roes

Die siekte word deur die swam *Phytophthora capsici* veroorsaak. Alle dele van die soetrissieplant kan met die swam geïnfekteer word. Geïnfekteerde saailinge kan afvrot ontwikkel. Die simptome op ouer plante sluit in wortelvrot, stambrand, blaarroes en verrotting van vrugte. Wit swamgroei verskyn dikwels binne-in en op die oppervlak van geïnfekteerde vrugte.

Beheer: Laagliggende of swak gedreineerde areas moet vermy word. Oorhoofse besproeiing moet beperk word terwyl drupbesproeiing in die plek daarvan gebruik moet word. Rotasie weg van ander *Solanaceae*-gewasse (genus van plante wat aartappel, tamatie en nastergal insluit) vir drie jaar word aanbeveel. Aanplanting op beddings wat verhoog word om dreinerings te bevorder kan help om die siekte te beheer. Gebruik slegs siektevrye saad. Daar is ook 'n paar weerstandige variëteite beskikbaar.



Poeieragtige meeldou



Die siekte word veroorsaak deur *Leveillula taurica* (Coertze et al., 1994). Simptome is chlorotiese kolle op die boonste blaaroppervlak. Talle letsels kan saamsmelt, wat verbleking (chlorose) van die blare veroorsaak. Letsels op die onderste blaaroppervlak kan nekrotiese vlekke ontwikkel en is gewoonlik, maar nie altyd nie, bedek met 'n wit tot grys poeieragtige groeisel. Dit ontwikkel van ouer na jonger blare, en die afval van blare is 'n prominente simptome. Die siekte word bevorder deur warm, droë en vogtige weer.

Beheer: Swamweermiddels word gebruik om die siekte te beheer tydens swaar siektedruk (Black et al., 1991).



Afvrot

Hierdie siekte word veroorsaak deur *Rhizoctonia solani* en sekere *Pythium*-spesies. Dit affekteer hoofsaaklik jong saailinge (Coertze et al., 1994). Simptome sluit in dat saailinge nie opkom nie of dat klein saailinge skielik omval of verdwerg is. Die ontwikkeling van die siekte word bevorder deur onontbinde organiese stowwe in die grond en hoë voginhoud in die grond.

Beheer: Saad moet met 'n geskikte geregistreerde swamweermiddel behandel word, beddings in die kweekhuis moet op goed gedreineerde plekke geplaas word en bedekte beddings moet genoegsaam kan ventileer om hoë humiditeit te verhoed (Black et al., 1991).



Bakteriese verwelksiekte

Die siekte word veroorsaak deur *Pseudomonas solanacearum*. Die aanvanklike simptome in ouer plante is effense verwelking van die onderste blare, maar by jong saailinge verwelk die boonste blare eerste. Die aanvanklike verwelking word gevolg deur 'n skielike permanente verwelking van die hele plant met net effense of geen vergeling van blare. Die siekte word bevorder deur relatief hoë reënval tesame met warm weer.

Beheer: Gewasrotasie met nie-*Solanaceae*-plante help om die siekte te beheer (Black et al., 1991).



Bakteriese sagte verrotting



Hierdie siekte word veroorsaak deur *Erwinia carotovora* subsp. *carotovora* (Coertze et al., 1994). Sakte verrotting begin in die bloeisteel en blomkelkweefsels van geplukte vrugte, maar infeksie kan ook die vrug deur wonde op die vrug binnedring. Die interne weefsel naby die punt van infeksie word sag en die groeiende letsel reduseer die binnekant van die vrug tot 'n waterige massa. Vrugte wat aan die plant geïnfekteer word, raak pap en hang aan die plant soos 'n watersak en wanneer die inhoud uitloop, bly net 'n droë dop van die vrug agter. Die siekte is erg tydens reënerige tydperke omdat die bakterieë van die grond af opspat na die vrugte.

Beheer: Verrotting kan verminder word deur droë vrugte te oes wat die beskadiging tydens hantering sal beperk. Dit is ook raadsaam om insekte wat die vrugte kan beskadig te beperk (Black et al., 1991).



Tabakmosaïekvirus (TMV)



Simptome van infeksie met hierdie virus sluit in verdwering, sistemiese chlorose, 'n mosaïekvoorkoms, en van tyd tot tyd sistemiese afsterwing en blaarval.

Beheer: Die virus kan van die saaddoppe verwyder word deur die saad vir twee uur in 'n 10%-oplossing van trinatriumfosfaat te week (Black et al., 1991). Die virus kan wyd versprei word wanneer soetrissies in die veld oorgeplant word of dikwels hanteer word (Pernezny et al., 2003).




Krake ("sugar crack")

Dit is een van die algemeenste fisiologiese probleme by soetrissies in Suid-Afrika. Krake kan klein of groot wees, op die skouer van die vrug, aan die kante of aan die blomkant van die vrug. Vrugte met fyn, onopvallende krake (Foto 1, A en D) word dikwels verkoop, veral wanneer daar min voorraad beskikbaar is. Vrugte met diep krake is egter nie bemarkbaar nie (Foto 1, B en C).

In teenstelling met ander vrugte waar krake 'n probleem is, is die vrugte van soetrissies hol. Dit maak dat soetrissies meer vatbaar vir krake is aangesien die vrug meer geneig is tot inkrimping en uitsetting.



Die krake begin as mikroskopiese barsies in die oppervlakte (die buitenste waslagie) wanneer die vrug van kleur begin verander. Aanvanklik is die krake net in die oppervlakte en kan dit net met 'n mikroskoop gesien word. Soos wat die toestand ontwikkel, word die barsies groter en skeur deur die onderliggende epidermale laag en later deur die dieperliggende parenchiemsel. In hierdie stadium kan krake met die blote oog gesien word, veral as 'n vergrootglas gebruik word. Die vrugweefsel reageer deur 'n kurkagtige wondkallus te vorm om die wond te verseël, wat krake dan baie opmerklik en die vrug onbemarkbaar maak (Foto 2).



Die hooforsaak van die kraakvorming is die uitsetting van die vrugwand in die nag en inkrimping deur die dag. Die daaglikse inkrimping en uitsetting verswak die oppervlakte van die volwasse vrug. Gedurende die dag word water weens transpirasie verloor en snags word water deur die wortels opgeneem en na die vrug vervoer. Dit veroorsaak 'n opbou van druk in die vrugwand. Omdat transpirasie nie snags plaasvind nie, kan die druk so hoog raak dat die oppervlakte en later ook die epidermis bars.

Ontwikkelende vrugte is minder geneig tot kraak omdat die oppervlakte deurentyd aangevul word en deels omdat die wand dun is en min suikrose bevat. Soos wat die vrug ontwikkel, word die wand dikker en wanneer hulle ryp is (geel of rooi) kan die suikergehalte tot 20% wees. Die hoë suikergehalte lei tot 'n lae waterpotensiaal en veroorsaak dat die water in die vrug inloop tydens periodes van lae transpirasie – wanneer dit snags koel is.

Beheer:

- Plante moet te alle tye genoeg water kry. Dit sal watervloei van vrugte na blare verminder onder toestande wanneer die vlak van transpirasie hoog is.
- Plante moet te alle tye 'n goeie blaredak hê sodat vrugte teen direkte sonlig beskerm is en ook om te verseker dat die oppervlakte vir transpirasie optimaal is.
- Verminder die vruglading indien blare weens plaeg of siekte min raak, selfs al beteken dit dat groen vrugte gepluk moet word.
- Maak voorsiening vir goeie ventilasie, veral in plastiekkweekhuise. In die dag verwyder ventilasie vogtige lug rondom blare wat tot beter transpirasie lei. In die nag help ventilasie om hoë relatiewe vogtigheid te voorkom.
- Die gevaar vir kraging verhoog in die lente en herfs. Minimumtemperatuur is geneig om laag te wees, terwyl daaglikse maksimumtemperatuur en transpirasie hoog is.
- Kies variëteite wat minder geneig is tot kraak.
- Hou in gedagte dat dik vrugwande meer geneig is om te kraak.

Let wel: Bestuur om die kraak van vrugte te verminder kan nie op net een of twee faktore gebaseer word nie. Dit moet 'n geïntegreerde benadering wees met die inagneming van al die moontlike faktore.

Bronne:

<https://www.koppert.co.za/disease-control/>
<https://arc.agric.za/Agricultural%20Sector%20News/The%20tomato%20-%20a%20versatile,%20popular%20and%20vulnerable%20crop.pdf>
<https://www.farmersweekly.co.za/farming-basics/how-to-crop/list-cucurbit-pests-diseases/>
<https://www.farmersweekly.co.za/farming-basics/how-to-crop/beetroot-pests-and-diseases/>
<https://old.dalrrd.gov.za/Portals/0/Brochures%20and%20Production%20guidelines/Production%20Guidelines%20Sweet%20pepper.pdf>

DJ
CRAZY

CHRIS
STEYN

IVAN
ROUX

HERMAN
KLEINHANS

JAN
RHAAP

RADIO
KALAHARI
ORKES

RUHAN
DU TOIT

BRENDAN
PEYPER

ROBBIE
WESSELS

RIAAN
BENADÉ

DOZI

27 FEB. - 1 MRT.

2025

BLACKBYRD

Ideale Kers-geskenk!

Vanaf Desember
beskikbaar
by VKB-Bethlehem
en Reitz handel.

DIE FEES MET GEES

REITZ

DIE FEES MET GEES

bieliemieliees
vkb

EEN VAN DIE GROOTSTE LANDBOUSKOU IN DIE VRYSTAAT

SANGERS

KOMPETISIES

STALLETJIES

PRETPARK

KINDERVERMAAK

KUIERTUIN

BUITELUG-UITSTALLERS

KAMPEERTERREIN

SPORT

VEE-UITSTALLING

KOSSTALLETJIES

LANDBOUSKOU

EN NOG VELE MEER

KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE HEKKE



www.bieliemielie.co.za



PROGRAM



Donderdag, 27 Feb. 2025

► Toegang: Volwassenes R100 - Kinders R50

Vanaf 07:00	Uitstallers registreer
12:00	Terrein open
12:00 tot 02:00	Kuiertuin oop
12:00	"Petting Zoo"
12:00	Pretpark open
13:00	Kameel-ry
13:00-17:00	Potjiekos-kompetisie (Nashua-arena)
13:00 tot Sa. 17:00	Skat 'n bul se gewig en WEN GROOT! (Veestalle)
13:00	Slaglamkompetisie
14:00 tot Vr. 14:00	SAVM-skou
16:00	Beeste-uitstalling (Veestalle)
19:00	Dozi
20:00	Herman Kleinhans
21:00	Radio Kalahari Orkes
22:00	DJ Crazy (Kuiertuin)

Vrydag, 28 Feb. 2025

► Toegang: Volwassenes R180 - Kinders R100

08:00	Terrein open
08:00	Veestalle open
08:00	Kuddekompetisie open
08:00	"Petting Zoo"
10:00	Pretpark open
10:00	Kameel-ry
10:00 tot 02:00	Kuier tent oop
11:00-14:00	Boeresport-kompetisie (skoliere) (Nashua-arena)
11:00	Ramveiling
13:00	Kuddekompetisie-beoordeling (Veestalle)
14:00-16:00	Perdry-vertoning (Vreugde perde) (Nashua-arena)
16:00-18:30	"Quiz" (Vasvrakompetisie) (Verhoog)
19:00	Robbie Wessels
20:00	BlackByrd
21:00	Brendan Peyper
22:00	Riaan Benadé
23:00	DJ Crazy (Kuiertuin)

Saterdag, 1 Mrt. 2025

► Toegang: Volwassenes R180 - Kinders R120

04:30	Bieliemielie-marathon laat inskrywings
06:00-08:00	Buite-aktiwiteite: marathon en 07:00 bergfietswedren
07:00	Terrein open
07:30-13:00	Hoërskool Reitz: Bulletjie-rugby en Mini-netbal (Nashua-arena)
08:00-13:00	"Petting Zoo"
09:00	Jongbul-kompetisie
10:00	Veestalle open
10:00-00:00	Kuier tent oop
10:00	Pretpark open
10:00	Kameel-ry
13:00-15:00	Perdry-vertoning
14:00	Beeste-uitstalling-beoordeling (Nashua-arena)
15:00-16:00	Boeresport-kompetisie (volwassenes) (Nashua-arena)
15:00-17:00	Sterkman-kompetisie (Nashua-arena)
17:00	Woldra-kompetisie (dames en mans) (Nashua-arena)
18:00	Prysuitdeling van alle aktiwiteite (Verhoog)
18:30	Chris Steyn
19:30	Ruhan du Toit
20:30	Ivan Roux
21:30	Jan Rhaap
22:30	DJ Crazy (Kuiertuin)

Sondag, 2 Mrt. 2025

► Toegang: GRATIS

10:00 NG Moedergemeente, Reitz



VOLG ONS OP **SOSIALE MEDIA** OF BESOEK ONS **WEBWERF** VIR MEER INLIGTING

KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE HEKKE



www.bieliemielie.co.za

Old Mutual go2berg:

Meer as 'n bergfiets- avontuur

deur Marlee Vorster

Verbeel jou jy ry op 'n bergfiets met die son op jou rug en die rustigheid van die natuur om jou. Jy begin jou avontuur in Frankfort, waarvandaan jou fiets se pedale jou na Reitz, Clarens en die Windmill-gastepaas aan die Groot Platorand lei, terwyl jy die pragtige Golden Gate Nasionale Park verken. Ná 'n paar uitdagende dae van fietsry kom jy uiteindelik by Emseni aan, net buite Winterton in KwaZulu-Natal. Dit is dag vier van jou reis, met nog twee en 'n half dae vol opwinding en avontuur voor jou. Uiteindelik, wanneer jy by die Champagne-sportoord in die Drakensberg-wêrelderfenisgebied aankom, sal jy jou laaste trap gee. Welkom by die Old Mutual go2berg, 'n onvergeetlike ervaring wat die hart van Suid-Afrika deur plaaspaie en unieke roetes kombineer.



Die Old Mutual go2berg het vanjaar van 13 tot 19 September plaasgevind. Dit is nie net 'n gewone bergfietswedren nie, maar 'n avontuur wat mense, gemeenskappe en drome bymekaar bring.

Dit alles het begin met die gewilde Joburg2C, die langste bergfietswedren in Suid-Afrika (indien nie die wêreld nie), wat oor nege dae en in totaal ongeveer 900 km strek – van Heidelberg in Gauteng tot Scottburgh aan KwaZulu-Natal se kus.

Ná die sukses van Joburg2C het die organiseerders besluit om die go2berg-wedren te begin, 'n avontuur wat nie net 'n uitdaging vir die fietsryers is nie, maar ook 'n groot bydrae tot die gemeenskap in die omgewing lewer.



Die roete strek oor 'n indrukwekkende 519 km. Ja, jy het reg gelees! Dit bied fietsryers die kans om die pragtige maar uitdagende landskappe van Suid-Afrika te verken.

Die dinamiese duo agter hierdie besondere ervaring is Gary Green, stigter van Berg & Bush, en Craig "Wappo" Wapnick, 'n voormalige professionele muurbalspeler. Saam het hulle 'n wedren ontwikkel wat nie net 'n fisieke uitdaging is nie, maar ook 'n viering van saamwees en gemeenskapsontwikkeling.



Die hart van die go2berg lê in die ondersteuning van die gemeenskap. Plaaslike produsente se hekke staan oop om hierdie gebeurtenis te ondersteun. Waterpunte word deur hierdie produsente aangebied en hou die energievlakke hoog terwyl die oop

landskap jou asem wegslaan.

Dit is vir die VKB Groep 'n voorreg om deel te wees van die avontuur deur tydens die wedren ondersteuning aan plaaslike skole te bied.

Een van hierdie skole, die Hoërskool Reitz, het vanjaar die leiding geneem om die *race villages* en al die nodige fasiliteite op te rig, wat uiteindelik 'n wins genereer en teruggeploeg word in die skool se projekte.

Wynand Jacobs, adjunkhoof van die Hoërskool Reitz, is die man agter die beplanning en uitvoer van die *race villages* op Reitz, een van die dorpe op die roete. Hier slaap fietsryers oor en geniet 'n Avondmaal, voorberei deur ouers, onderwysers en leerders. Dit is 'n gemeenskapsgeleentheid wat mense van alle ouderdomme byeenbring.

Jacobs werk egter nie alleen nie. Sy regterhand, Ina Nel, sekretaresse van die Hoërskool Reitz, help met die administrasie en organisering van die geleentheid, en daar is 'n span wat sorg vir die lekker kos. Hierdie benadering bied aan die skool 'n geleentheid om fondse vir sy eie projekte in te samel, terwyl dit 'n positiewe impak op die gemeenskap het.



go2berg is meer as net 'n bergfiets-avontuur; dit is 'n geleentheid om saam te kuier, nuwe vriende te maak en herinneringe te skep. Met 'n verskeidenheid wedlooptkategorieë, waaronder individuele en gemengde spanne, is daar iets vir almal.


Of jy nou 'n ervare fietsryer is of net wil saam kuier, die go2berg bied die perfekte kombinasie van avontuur, ontspanning en gemeenskapsbetrokkenheid.

Bron: <https://www.go2berg.co.za/>

excellium
PRO



Sien jou by
VKB Bieliemieliefes –
trots om jou groei te
ondersteun, elke seisoen!



Jong talent skitter by nasionale kampioenskappe

deur Marlee Vorster

Van 26 tot 29 September het die son oor die oop veld in Howick geskyn en die lug het gebruis van spanning vir die Suid-Afrikaanse Tentpegging-kampioenskappe. Dit was 'n week waar jong ruitertalent die geleentheid gehad het om hulself te bewys. Die stryd was in volle gang en teen die agtergrond van die galop van perde, wapens wat in die lug swaai of op die grond geklem was, het die gejuig van die skare opgeklank.



Ruiters in aksie tydens die SA kampioenskappe

Tentpegging, voorheen bekend as gimkana, het oorspronklik ontstaan uit militêre oefeninge. Dit het ruiters se vaardighede getoets, wat behels het dat daar te perd teen volspoed met 'n lans of swaard probeer word om penne uit die grond op te tel.

Die sport se wortels lê in die militêre praktyke van antieke ryke, waar dit as 'n oefening gebruik was om ruiters se vaardighede in die hantering van 'n lans en van perde te verbeter.

Tentpegging het later sy pad na die ontspanningswêreld gevind, en het vandag 'n wêreldwye aanhang as 'n sport wat moed, vaardigheid en 'n unieke band tussen ruiter en perd vereis.

Dit is 'n toets van akkuraatheid, spoed en die vermoë om in hoëdruk omstandighede te presteer.

Op 24 September het Suid-Afrika se interprovinsiale toernooi afgeskop en jong ruitertalent van regoor die land bymekaar gebring, waar Hardus Henning, Lian Oosthuizen en Diantè de Winnaar Gauteng verteenwoordig het in die jeug o.21-groep, terwyl Lizelle Cilliers KwaZulu-Natal verteenwoordig het. Janco en Drian Oosthuizen het Gauteng in die juniors o.17-groep verteenwoordig, en Alunè de Winnaar en Lehann Neethling het in die kinder o.14-groep meegeding. Gauteng het algeheel derde geëindig, met die o.17- en o.14-spanne wat tweede in hul groepe geëindig het. Alunè en Lehann se span het die MC Kitshoff-wisseltrofee ontvang vir die kinderspan met die meeste oorwinnings.



Lianke de Vries, Alunè de Winnaar, Lehann Neethling en Amorè Ehlers spog met reg.

Ruiters uit onder meer Reitz, Bethlehem en Harrismith het hul spanne verteenwoordig. Diantè en Alunè van PH de Winnaar/Vrede Melkery Trust, Hardus van HennBerg Boerdery en Lian van Oos Vee Boerdery het die verhoog met trots betree, saam met Janco en Drian, asook Lehann.

Die kampioenskappe is 'n hoogtepunt op die ruiterkalender. Ruiters ding in verskeie afdelings om topposisies mee. Hul vermoë word getoets met punte vir akkuraatheid, spoed en wapenhantering.

Hardus, Lian en Diantè se span het 'n derde plek in die seksielans-afdeling behaal, terwyl Drian en sy spanmaat die derde plek in die halfseksie lans-afdeling verower het. Diantè het 'n tweede plek in die individuele lans-afdeling behaal. Hardus is ingesluit in die presidentspan, terwyl Janco, Lian en Drian ingesluit is in die o.15-seunsspan en Lizelle in die o.15-dogterspan.



Danika Schnuir, Amorè Ehlers, Lianke de Vries, Simonè van Reenen, Lehann Neethling, Diantè de Winnaar, Alunè de Winnaar, Cameron Meyer, Drian Oosthuizen, Lian Oosthuizen, Janco Oosthuizen en Hardus Henning

Die toekoms van *tentpegging* is helder. Terwyl die laaste pen opgetel word en die stof gaan lê, is dit duidelik dat die storie van *tentpegging* een is wat nie net in die verlede nie, maar ook in die toekoms leef, met elke jong ruiter wat die pad vorentoe verken, en elke deelnemer wat die hartklop van hierdie sport dra.

Bronne:

<https://satentpegging.co.za/history/>

<https://ustpf.org/about-us/history-of-tent-pegging-standards/>

Europe%20mix%20breeds%20are, Arabians%20or%20warm%20blooded%20horses.



Landini Landforce 125
2015-model
4 990 ure
Kontak: Petrus Erasmus
R345 000 + BTW



JXT75DT
2017-model
5 183 ure
Kontak: Coenrad Bruwer
R185 000 + BTW



Vortex-spuil
2015-model
Kontak: Petrus Erasmus
R175 000 + BTW



Casmo "tracks"
met suspensie vir John Deere
2019-model
Kontak: Henru Oosthuizen
R1 395 000 + BTW



Machale 5 400-baler
2014-model
Kontak: Neil Fraser
R380 000 + BTW



Case Farmall 110M Cab
2023-model
5*-toestand
Kontak: Louwrens Cronje
R825 000 + BTW



Case Grader 885
2023-model, 5*-toestand, 225 ure,
volle waarborg
Kontak: Johan van Zyl
R3 400 000 + BTW



Equalizer C11 12/762 Narrow
Fully Spec
Nuut
Kontak: Johan van Zyl
R3 300 000 + BTW



Landini 125 met laaigraaf
2022-model, 2 100 ure
Kontak: Coenrad Bruwer
R550 000 + BTW



Vaderstad Top Down 7 m
Nuut Winskoop
Kontak: Johan van Zyl
R2 642 000 + BTW



NHTD5.110 Cab
2016-model
5 617 ure
Kontak: Coenrad Bruwer
R365 000 + BTW



JXM90DT "Power Shuttle"
2022-model
5*-toestand
Kontak: Waldo Marais
R345 000 + BTW



Case Dozer 2050
5*-toestand, 665 ure,
waarborg
Kontak: Johan van Zyl
R3 400 000 + BTW



Case 570ST Tlb met palletvurke
2019-model, 5 150 ure
Kontak: Johan van Zyl
R495 000 + BTW



Landini 110 Super
2023-model, 5*-toestand
Kontak: Petrus Erasmus
R490 000 + BTW



Feeler 24 ton-tapkar
Nuut
Kontak: Henru Oosthuizen
R586 000 + BTW



TEU 4 ton-vurkhyser
Nuut
2 jaar- of 2 000 uur-waarborg
Kontak: Coenrad Bruwer
R385 000 + BTW



Vortex-spuil
2018-model
4*-toestand
Kontak: Henru Oosthuizen
R235 000 + BTW

Kontakbesonderhede: Vrystaat-gebied

David Exley
082 554 7116
Bethlehem

Waldo Marais
079 516 8453
Bethlehem

Coenrad Bruwer
083 255 6223
Reitz

Nico van der Walt
082 494 8907
Reitz

Theo Roux
082 818 9705
Bethlehem

Johan van Zyl
084 245 0576
Frankfort

Phil Britz
060 636 6258
Vrede





JXT75DTCAB
2024-demo-model

Kontak: Jaco Els
R605 000 + BTW



Landini Landpower135

2013-model
9 865 ure
Kontak: Louwrens Cronje
R225 000 + BTW



Case 6150-stroper
2023-model, enjin-ure 1 024,
rotor-ure 744
Kontak: Theo Roux
R4 600 000 + BTW



Puma140 outloodsgereed

2021-model
3 406 ure
Kontak: Henru Oosthuizen
R1 300 000 + BTW



Jupidex Canon-spuut

Kontak: Jaco De Wet
R65 000 + BTW



Equalizer SLI16/914

20/20-skerm, vloeibare kunsmis
V-toediening, Winskoop
Kontak: David Exley
R3 668 000 + BTW



Case Farmall 110 M Cab

2022-model
217 ure
Kontak: Louwrens Cronje
R790 000 + BTW



Case Magnum 340 AFS

2023-model, 1 115 ure,
Waarborg
Kontak: Theo Roux
R3 850 000 + BTW



Case 7130 Stroper
2013-model, enjin-ure 5 130,
rotor-ure 3 921
Kontak: Theo Roux
R2 350 000 + BTW



STX400 Steiger

2018-model, nuwe bande, 7 024 ure
Kontak: Coenrad Bruwer
R2 600 000 + BTW



NHTT4.90DT
2019-model
2 424 ure
Kontak: Louwrens Cronje
R285 000 + BTW



Case STX600 ten volle outloods

2019-model, vol diensrekord
5*, 2 112 ure
Kontak: Johan van Zyl
R5 400 000 + BTW



Equalizer C11 20-767-planter
2020-model
5*-toestand
Kontak: Louwrens Cronje
R2 300 000 + BTW



Case 7230-stroper met "tracs"

2014-model
4 330 enjin-ure, 2 868 rotor-ure
Kontak: Theo Roux
R3 250 000 + BTW



Case 580 TLB
2021-model, 5*-toestand
780 ure
Kontak: Phil Brits
R1 100 000 + BTW



Case Puma 225

2019-model, outloodsgereed, CVT-
ratkas, 1 726 ure, dubbel-agterbande
Kontak: Neil Fraser
R1 885 000 + BTW



4 x Bande & vellings
Mega 620/70R42
Kontak: Henru Villiers
R39 500 per band + velling + BTW



Dieci Agri star 37.7 Telehandler met vurke

Winskoop, nuut
Kontak: Henru Oosthuizen
R1 745 000 + BTW

Kontakbesonderhede: Vrystaat en Limpopo-gebied

Henru Oosthuizen
068 697 7802
Villiers

Neil Fraser
072 852 7268
Delmas

Walter Pretorius
063 007 8448
Louis Trichardt

Jaco Els
076 284 5171
Pietersburg

Petrus Erasmus
082 321 0988
Warmbad

Jaco de Wet
083 626 6348
Tzaneen

Louwrens Cronje
071 631 5398
Warden

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.vkb.co.za



ingco
PROFESSIONAL TOOLS MADE AFFORDABLE

SAVON
SAVON

incco

PROFESSIONAL TOOLS MADE AFFORDABLE

POWER
Meets
POWER



Boer vooruit met betroubare bergingsoplossings.



JoJo horisontale tenks is ontwerp vir maklike vervoer en veilige berging, en kom in verskeie groottes, ontwerpe en sterkte-opsies om by jou plaas se unieke behoeftes te pas.

Vir die antwoord tot al jou landboubehoefte hierdie plantseisoen
- besoek www.jojo.co.za

JoJo
FOR WATER FOR LIFE